Republic of South Africa ◆ Republiek van Suid-Afrika

# Government Gazette
# Staatskoerant

(Registered at the Post Office as a Newspaper) (As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

VOL. II.] PRICE 5c. PRETORIA, 17 NOVEMBER 17 NOVEMBER 1961. PRYS 5c. [No. 114.

## CONTENTS ON BACK PAGES.

## INHOUD AGTERIN.

## PROCLAMATIONS

BY THE STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.

No. 125, 1961.]

LEVY OF A SPECIAL RATE ON THE LUSHABA TRIBE UNDER CHIEF SINQANDA HARRISON LUSHABA IN THE PORT SHEPSTONE DISTRICT.

Whereas the Lushaba Tribe under Chief Sinqanda Harrison Lushaba in the District of Port Shepstone has voluntarily made application for the levy of a special rate for the purpose of collecting funds to enable the Lushaba Tribal Authority to carry out its functions;

And whereas the Minister of Bantu Administration and Development—

(*a*) is satisfied that the majority of the taxpayers of the said tribe desires such levy; and

(*b*) approves the purpose for which it is to be imposed;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section *fifteen* of the Natives Taxation and Development Act, 1925 (Act No. 41 of 1925), I do hereby declare as follows: —

(1) A special rate of two rand per annum for the years 1962 to 1967, inclusive, is hereby levied on every member of the said tribe who is a taxpayer.

(2) The special rate hereby levied shall be payable with effect from the year 1962 and shall become due and payable on the first day of January of each year during which it is in operation.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Eleventh day of October, One thousand Nine hundred and Sixty-one.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

M. D. C. DE WET NEL.

50/213.

No. 126, 1961.]

VAAL RIVER EXTENSION GOVERNMENT WATER CONTROL AREA.—INCLUSION OF A CERTAIN AREA.

Whereas the boundaries of the Vaal River Extension Government Water Control Area have by Proclamations Nos. 113 of 1934, 53 of 1936, 85 of 1937, 5 of 1938, 149 of 1946 and 71 of 1953, been defined in terms of section *ninety-eight* of the Irrigation and Conservation of Waters Act, No. 8 of 1912, as amended, and by Proclamations

## PROKLAMASIES

VAN DIE STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.

No. 125, 1961.]

HEFFING VAN 'N SPESIALE BELASTING VAN DIE LUSHABASTAM ONDER KAPTEIN SINQANDA HARRISON LUSHABA IN DIE DISTRIK PORT SHEPSTONE.

Nademaal die Lushabastam onder kaptein Sinqanda Harrison Lushaba in die distrik Port Shepstone vrywillig aansoek gedoen het om die heffing van 'n spesiale belasting ten einde fondse in te samel om die Lushabastamowerheid in staat te stel om sy werksaamhede uit te voer;

En nademaal die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling—

(*a*) daarvan oortuig is dat die meerderheid van die belastingbetalers van genoemde stam so 'n heffing verlang; en

(*b*) die doel waarvoor dit opgelê moet word, goedkeur;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *vyftien* van die Naturelle Belasting en Ontwikkeling Wet, 1925 (Wet No. 41 van 1925), hierby soos volg verklaar: —

(1) 'n Spesiale belasting van twee rand per jaar vir die jare 1962 tot en met 1967 word hierby gehef van elke lid van genoemde stam wat 'n belastingbetaler is.

(2) Die spesiale belasting wat hierby gehef word, is betaalbaar met ingang van die jaar 1962 en is verskuldig en betaalbaar op die eerste dag van Januarie van elke jaar waarin dit van krag is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Elfde dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Een-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

M. D. C. DE WET NEL.

50/213.

No. 126, 1961.]

VAALRIVIER-UITBREIDING - STAATSWATERBEHEERGEBIED.—INSLUITING VAN 'N SEKERE GEBIED.

Nademaal die grense van die Vaalrivier-uitbreiding-staatswaterbeheergebied omskryf is by Proklamasies Nos. 113 van 1934, 53 van 1936, 85 van 1937, 5 van 1938, 149 van 1946 en 71 van 1953, ingevolge artikel *agt-en-negentig* van die Besproeiings- en Waterbewaringswet, No. 8

Nos. 174 of 1958 and 363 of 1960, in terms of section *fifty-nine* of the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956), as amended;

And whereas the State President may, under sub-section (1) of section *fifty-nine* of the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956), as amended, from time to time by like proclamation alter the boundaries of such area;

And whereas it is desirable to include a certain area in the said Government Water Control Area;

Now, therefore, under and by virtue of the powers in me vested by the said sub-section (1) of section *fifty-nine*, I do hereby declare that as from the date of publication hereof, the farms De Kalk G.W. 15.15 and Blaauwkrans G.W. 25.31, both in the District of Herbert, Province of the Cape of Good Hope, are included in the Vaal River Extension Government Water Control Area.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Thirty-first day of October, One thousand Nine hundred and Sixty-one.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

P. M. K. LE ROUX.

---

No. 127, 1961.]

## AMENDMENT OF PROCLAMATION No. 329 OF 1957.

Under the powers vested in me by section *twenty-nine*, read with sub-section (3) of section *twenty-three* of the Group Areas Act, 1957 (Act No. 77 of 1957), I hereby amend Proclamation No. 329 of 1957—

by the substitution for sub-paragraphs (*b*) and (*c*) of paragraph (2) of the following sub-paragraphs:—

"(*b*) any bona fide employee (other than a domestic servant) of any person (other than a company) lawfully occupying land or premises for the purpose of trading or conducting a business thereon, provided such employee is not a member of the White group and is not employed as a chargehand, executive, professional, technical or administrative employee, manager or supervisor and is employed in such trading or business, and while on the land or premises, works under the full-time personal supervision and control of such employer or of a person who is a member of the same group as such employer, and such employer or person is ordinarily continuously present on such land or premises;

(*c*) any bona fide employee (other than a domestic servant) of a company lawfully occupying land or premises for the purpose of trading or conducting a business thereon, provided all controlling interests in such company are held or deemed to be held by or on behalf or in the interest of persons who are members of the same group, and such employee is not a member of the White group and is not employed in any of the categories referred to in sub-paragraph (*b*) of this paragraph, and is employed in such trading or business, and while on the land or premises, works under the full-time personal supervision and control of a person who is a member of the same group as the persons by whom or on whose behalf or in whose interest the controlling interests in such company are held or deemed to be held, and such person is ordinarily continuously present on such land or premises; and."

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this First day of November, One thousand Nine hundred and Sixty-one.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

P. W. BOTHA.

van 1912, soos gewysig, en by Proklamasies Nos. 174 van 1958 en 363 van 1960 ingevolge artikel *nege-en-vyftig* van die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), soos gewysig;

En nademaal die Staatspresident, kragtens subartikel (1) van artikel *nege-en-vyftig* van die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), soos gewysig, die grense van sodanige gebied van tyd tot tyd by soortgelyke proklamasie kan wysig;

En nademaal dit wenslik is om 'n sekere ander gebied by genoemde Staatswaterbeheergebied in te sluit;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by genoemde subartikel (1) van artikel *nege-en-vyftig*, hierby verklaar dat die plase De Kalk G.W. 15.15 en Blaauwkrans G.W. 25.31, albei in die distrik Herbert, Provinsie Kaap die Goeie Hoop, met ingang van die datum van publikasie hiervan in die Vaalrivier-uitbreiding-staatswaterbeheergebied ingesluit word.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Een-en-dertigste dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Een-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

P. M. K. LE ROUX.

---

No. 127, 1961.]

## WYSIGING VAN PROKLAMASIE No. 329 VAN 1957.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *nege-en-twintig*, gelees met subartikel (3) van artikel *drie-en-twintig* van die Wet op Groepsgebiede, 1957 (Wet No. 77 van 1957) wysig ek hierby Proklamasie No. 329 van 1957—

deur subparagrawe (*b*) en (*c*) van paragraaf (2) deur die volgende subparagrawe te vervang:—

„(*b*) 'n *bona fide*-werknemer (uitgesonderd 'n huisbediende) van 'n persoon (uitgesonderd 'n maatskappy) wat wettiglik grond of persele okkupeer met die doel om daarop handel of 'n besigheid te dryf, mits daardie werknemer nie 'n lid van die Blanke groep is nie en nie as 'n onderbaas, uitvoerende, professionele, tegniese of administratiewe werknemer, bestuurder of toesighouer in diens is nie en in daardie handel of besigheid in diens is, en terwyl hy op daardie grond of perseel is, sy werk verrig onder die voltydse persoonlike toesig en beheer van daardie werkgewer of 'n persoon wat 'n lid is van dieselfde groep as daardie werkgewer, en daardie werkgewer of persoon gewoonlik voortdurend aanwesig is op daardie grond of perseel;

(*c*) 'n *bona fide*-werknemer (uitgesonderd 'n huisbediende) van 'n maatskappy wat wettiglik grond of persele okkupeer met die doel om daarop handel of 'n besigheid te dryf, mits alle beheersende belange in daardie maatskappy deur of ten behoewe of ten voordele van persone wat lede van dieselfde groep is, besit word of geag word besit te word, en daardie werknemer nie 'n lid van die Blanke groep is nie en nie as werknemer in een van die kategorieë in subparagraaf (*b*) van hierdie paragraaf genoem in diens is nie, en in daardie handel of besigheid in diens is, en terwyl hy op daardie grond of perseel is, sy werk verrig onder die voltydse persoonlike toesig en beheer van 'n persoon wat 'n lid is van dieselfde groep as die persone deur wie of ten behoewe of ten voordele van wie die beheersende belange in daardie maatskappy besit word of geag word besit te word, en daardie persoon gewoonlik voortdurend aanwesig is op daardie grond of perseel; en."

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hierdie Eerste dag van November Eenduisend Negehonderd Een-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

P. W. BOTHA.

No. 128, 1961.]

## AMENDMENT OF PROCLAMATION No. 336 OF 1957.

Under the powers vested in me by section *twenty-nine* read with sub-sections (4) and (5) of section *fifteen* of the Group Areas Act, 1957 (Act No. 77 of 1957), I hereby amend Proclamation No. 336 of 1957—

by the substitution for sub-paragraphs (*c*) and (*d*) of paragraph (2) of the following sub-paragraphs:—

"(*c*) any bona fide employee (other than a domestic servant) of any person (other than a company) lawfully occupying land or premises for the purpose of trading or conducting a business thereon, provided such employee is not employed as a chargehand, executive, professional, technical or administrative employee, manager or supervisor and is employed in such trading or business, and while on the land or premises, works under the fulltime personal supervision and control of such employer or of a person who is a member of the same group as such employer, and such employer or person is ordinarily continuously present on such land or premises;

(*d*) any bona fide employee (other than a domestic servant) of a company lawfully occupying land or premises for the purpose of trading or conducting a business thereon, provided all controlling interests in such company are held or deemed to be held by or on behalf or in the interest of persons who are members of the same group, and such employee is not a member of the White group and is not employed in any of the categories referred to in sub-paragraph (*c*) of this paragraph, and is employed in such trading or business, and while on the land or premises, works under the full-time personal supervision and control of a person who is a member of the same group as the persons by whom or on whose behalf or in whose interest the controlling interests in such company are held or deemed to be held, and such person is ordinarily continuously present on such land or premises;".

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this First day of November, One thousand Nine hundred and Sixty-one.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

P. W. BOTHA.

No. 128, 1961.]

## WYSIGING VAN PROKLAMASIE No. 336 VAN 1957.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *negeen-twintig* gelees met subartikels (4) en (5) van artikel *vyftien* van die Wet op Groepsgebiede, 1957 (Wet No. 77 van 1957), wysig ek hierby Proklamasie No. 336 van 1957—

deur subparagrawe (*c*) en (*d*) van paragraaf (2) deur die volgende subparagrawe te vervang:

„(*c*) 'n *bona fide*-werknemer (uitgesonderd 'n huisbediende) van 'n persoon (uitgesonderd 'n maatskappy) wat wettiglik grond op persele okkupeer met die doel om daarop handel of 'n besigheid te dryf, mits daardie werknemer nie as 'n onderbaas, uitvoerende, professionele, tegniese of administratiewe werknemer, bestuurder of toesighouer in diens is nie, en in daardie handel of besigheid in diens is, en terwyl hy op daardie grond of perseel is, sy werk verrig onder die voltydse persoonlike toesig en beheer van daardie werkgewer of 'n persoon wat 'n lid is van dieselfde groep as daardie werkgewer en daardie werkgewer of persoon gewoonlik voortdurend aanwesig is op daardie grond of perseel.

(*b*) 'n *bona fide*-werknemer (uitgesonderd 'n huisbediende) van 'n maatskappy wat wettiglik grond of persele okkupeer met die doel om daarop handel of 'n besigheid te dryf, mits alle beheersende belange in daardie maatskappy deur of ten behoewe of ten voordele van persone wat lede van dieselfde groep is, besit word of geag word besit te word, en daardie werknemer nie 'n lid van die Blanke groep is nie en nie as werknemer in een van die kategorieë in subparagraaf (*c*) van hierdie paragraaf genoem in diens is nie, en in daardie handel of besigheid in diens is, en terwyl hy op daardie grond of perseel is, sy werk verrig onder die voltydse persoonlike toesig en beheer van 'n persoon wat 'n lid is van dieselfde groep as die persone deur wie of ten behoewe of ten voordele van wie die beheersende belange in daardie maatskappy besit word of geag word besit te word, en daardie persoon gewoonlik voortdurend aanwesig is op daardie grond of perseel;".

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hierdie Eerste dag van November Eenduisend Negehonderd Een-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

P. W. BOTHA.

No. 129, 1961.]

## AMENDMENT OF PROCLAMATION No. 337 OF 1957.

Under the powers vested in me by section *twenty-nine* read with the proviso to paragraph (*h*) of sub-section (2) of section *seventeen* of the Group Areas Act, 1957 (Act No. 77 of 1957), I hereby amend Proclamation No. 337 of 1957—

(*a*) by the substitution for sub-paragraphs (*c*) and (*d*) of sub-paragraph (1) of paragraph 1 of the following sub-paragraphs:—

"(*c*) any bona fide employee (other than a domestic servant) of any person (other than a company) lawfully occupying land or premises for the purpose of trading or conducting a business thereon, provided such employee is not a member of the White group and is not employed as a chargehand, executive, professional, technical

No. 129, 1961.]

## WYSIGING VAN PROKLAMASIE No. 337 VAN 1957.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *negeen-twintig* gelees met die voorbehoudsbepaling van paragraaf (*h*) van subartikel (2) van artikel *sewentien* van die Wet op Groepsgebiede, 1957 (Wet No. 77 van 1957), wysig ek hierby Proklamasie No. 337 van 1957—

(*a*) deur subparagrawe (*c*) en (*d*) van subparagraaf (1) van paragraaf 1 deur die volgende subparagrawe te vervang:—

„(*c*) 'n *bona fide*-werknemer (uitgesonderd 'n huisbediende) van 'n persoon (uitgesonderd 'n maatskappy) wat wettiglik grond of persele okkupeer met die doel om daarop handel of 'n besigheid te dryf, mits daardie werknemer nie 'n lid van die Blanke groep is nie en nie as 'n onderbaas, uitvoerende, professionele, tegniese

or administrative employee, manager or supervisor and is employed in such trading or business, and while on the land or premises, works under the full-time personal supervision and control of such employer or of a person who is a member of the same group as such employer, and such employer or person is ordinarily continuously present on such land or premises;

(*d*) any bona fide employee (other than a domestic servant) of a company lawfully occupying land or premises for the purpose of trading or conducting a business thereon, provided all controlling interests in such company are held or deemed to be held by or on behalf or in the interest of persons who are members of the same group, and such employee is not a member of the White group and is not employed in any of the categories referred to in sub-paragraph (*c*) of this paragraph, and is employed in such trading or business, and while on the land or premises, works under the full-time personal supervision and control of a person who is a member of the same group as the persons by whom or on whose behalf or in whose interest the controlling interests in such company are held or deemed to be held and such person is ordinarily continuously present on such land or prem.ses;"

(*b*) by the substitution for sub-paragraphs (*c*) and (*d*) of sub-paragraph (2) of paragraph 1 of the following sub-paragraphs:—

"(*c*) any bona fide employee (other than a domestic servant) of any person (other than a company) lawfully occupying land or premises for the purpose of trading or conducting a business thereon, provided such employee is not a member of the White group and is not employed as a chargehand, executive, professional, technical or administrative employee, manager or supervisor and is employed in such trading or business, and while on the land or premises, works under the full-time personal supervision and control of such employer or of a person who is a member of the same group as such employer, and such employer or person is ordinarily continuously present on such land or premises, and such first-mentioned person does not in terms of this provision employ more than three disqualified persons on such land or premises for such purpose;

(*d*) any bona fide employee (other than a domestic servant) of a company lawfully occupying land or premises for the purpose of trading or conducting a business thereon, provided all controlling interests in such company are held or deemed to be held by or on behalf or in the interest of persons who are members of the same group, and such employee is not a member of the White group and is not employed in any of the categories referred to in sub-paragraph (*c*) of this paragraph, and is employed in such trading or business, and while on the land or premises, works under the full-time personal supervision and control of a person who is a member of the same group as the persons by whom or on whose behalf or in whose interest the controlling interests in such company are held or deemed to be held, and such person is ordinarily continuously present on such land or premises, and such company does not in terms of this provision, employ more than three disqualified persons on such land or premises for such purpose;" and

of administratiewe werknemer, bestuurder of toesighouer in diens is nie en in daardie handel of besigheid in diens is, en terwyl hy op daardie grond of perseel is, sy werk verrig onder die voltydse persoonlike toesig en beheer van daardie werkgewer of 'n persoon wat 'n lid is van dieselfde groep as daardie werkgewer, en daardie werkgewer of persoon persoonlik voortdurend aanwesig is op daardie grond of perseel;

(*d*) 'n *bona fide*-werknemer (uitgesonderd 'n huisbediende) van 'n maatskappy wat wettiglik grond of persele okkupeer met die doel om daarop handel of 'n besigheid te dryf, mits alle beheersende belange in daardie maatskappy deur of ten behoewe of ten voordele van persone wat lede van dieselfde groep is, besit word of geag word besit te word, en daardie werknemer nie 'n lid van die Blanke groep is nie en nie as werknemer in een van die kategorieë in subparagraaf (*c*) van hierdie paragraaf genoem in diens is nie, en in daardie handel of besigheid in diens is, en terwyl hy op daardie grond of perseel is, sy werk verrig onder die voltydse persoonlike toesig en beheer van 'n persoon wat 'n lid is van dieselfde groep as die persone deur wie of ten behoewe of ten voordele van wie die beheersende belange in daardie maatskappy besit word of geag word besit te word, en daardie persoon gewoonlik voortdurend aanwesig is op daardie grond of perseel;"

(*b*) deur subparagrawe (*c*) en (*d*) van subparagraaf (2) van paragraaf 1 deur die volgende subparagrawe te vervang:—

„(*c*) 'n *bona fide*-werknemer (uitgesonderd 'n huisbediende) van 'n persoon (uitgesonderd 'n maatskappy) wat wettiglik grond of persele okkupeer met die doel om daarop handel of 'n besigheid te dryf, mits daardie werknemer nie 'n lid van die Blanke groep is nie en nie as 'n onderbaas, uitvoerende, professionele, tegniese of administratiewe werknemer, bestuurder of toesighouer in diens is nie en in daardie handel of besigheid in diens is, en terwyl hy op daardie grond of perseel is, sy werk verrig onder die voltydse persoonlike toesig en beheer van daardie werkgewer of 'n persoon wat 'n lid is van dieselfde groep as daardie werkgewer, verrig en daardie werkgewer of persoon gewoonlik voortdurend aanwesig is op daardie grond of perseel, en daardie eersgenoemde persoon nie ingevolge hierdie bepaling meer as drie onbevoegde persone op daardie grond of persele vir daardie doel in diens het nie;

(*d*) 'n *bona fide*-werknemer (uitgesonderd 'n huisbediende) van 'n maatskappy wat wettiglik grond of persele okkupeer met die doel om daarop handel of 'n besigheid te dryf, mits alle beheersende belange in daardie maatskappy deur of ten behoewe of ten voordele van persone wat lede van dieselfde groep is, besit word of geag word besit te word, en daardie werknemer nie 'n lid van die Blanke groep is nie en nie as werknemer in een van die kategorieë in subparagraaf (*c*) van hierdie paragraaf genoem in diens is nie, en in daardie handel of besigheid in diens is, en terwyl hy op daardie grond of perseel is, sy werk verrig onder die voltydse persoonlike toesig en beheer van 'n persoon wat 'n lid is van dieselfde groep as die persone deur wie of ten behoewe of ten voordele van wie die beheersende belange in daardie maatskappy besit word of geag word besit te word, verrig, en daardie persoon gewoonlik voortdurend aanwesig is op daardie grond of perseel, en daardie maatskappy nie ingevolge hierdie bepaling meer as drie onbevoegde persone op daardie grond of persele vir daardie doel in diens het nie;" en

(*c*) by the substitution for sub-paragraphs (*c*) and (*d*) of sub-paragraph (3) of paragraph 1 of the following sub-paragraphs:—

"(*c*) any bona fide employee (other than a domestic servant) of any person (other than a company) lawfully occupying land or premises for the purpose of trading or conducting a business thereon, provided such employee is not a member of the White group and is not employed as a chargehand, executive, professional, technical or administrative employee, manager or supervisor and is employed in such trading or business, and while on the land or premises, works under the full-time personal supervision and control of such employer or of a person who is a member of the same group as such employer, and such employer or person is ordinarily continuously present on such land or premises, and such firstmentioned person does not, in terms of this provision, employ more than three disqualified persons on such land or premises for such purpose;

(*d*) any bona fide employee (other than a domestic servant) of a company lawfully occupying land or premises for the purpose of trading or conducting a business thereon, provided all controlling interests in such company are held or deemed to be held by or on behalf or in the interest of persons who are members of the same group, and such employee is not a member of the White group and is not employed in any of the categories referred to in sub-paragraph (*c*) of this paragraph, and is employed in such trading or business, and while on the land or premises, works under the fulltime personal supervision and control of a person who is a member of the same group as the persons by whom or on whose behalf or in whose interest the controlling interests in such company are held or deemed to be held, and such person is ordinarily continuously present on such land and premises, and such company does not in terms of this provision employ more than three disqualified persons on such land or premises for such purpose."

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this First day of November, One thousand Nine hundred and Sixty-one.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.
P. W. BOTHA.

---

No. 130, 1961.]

Under the powers vested in me by section *four* of the Banking Amendment Act, 1961, I hereby declare that the said Act shall come into operation on the first day of January, 1962.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Twentieth day of October, One thousand Nine hundred and Sixty-one.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.
T. E. DÖNGES.

---

No. 131, 1961.]

DISESTABLISHMENT OF THE MAFEKING LOCAL COUNCIL AND INCLUSION OF CERTAIN LAND IN THE AREA OF THE BAROLONG REGIONAL AUTHORITY.—MAFEKING DISTRICT.

Whereas the Barolong Regional Authority, Mafeking District, has been established in terms of paragraph (*b*) of sub-section (1) of section *two* of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), as amended;

(*c*) deur subparagrawe (*c*) en (*d*) van subparagraaf (3) van paragraaf 1 deur die volgende subparagrawe te vervang:—

„(*c*) 'n *bona fide*-werknemer (uitgesonderd 'n huisbediende) van 'n persoon (uitgesonderd 'n maatskappy) wat wettiglik grond of persele okkupeer met die doel om daarop handel of 'n besigheid te dryf, mits daardie werknemer nie 'n lid van die Blanke groep is nie en nie as 'n onderbaas, uitvoerende, professionele, tegniese of administratiewe werknemer, bestuurder of toesighouer in diens is nie en in daardie handel of besigheid in diens is, en terwyl hy op daardie grond of perseel is, sy werk verrig onder die voltydse persoonlike toesig en beheer van daardie werkgewer of 'n persoon wat 'n lid is van dieselfde groep as sy werkgewer, en daardie werkgewer of persoon gewoonlik voortdurend aanwesig is op daardie grond of perseel, en daardie eersgenoemde persoon nie ingevolge hierdie bepaling meer as drie onbevoegde persone op daardie grond of persele vir daardie doel in diens het nie;

(*d*) 'n *bona-fide*-werknemer (uitgesonderd 'n huisbediende) van 'n maatskappy wat wettiglik grond of persele okkupeer met die doel om daarop handel of 'n besigheid te dryf, mits alle beheersende belange in daardie maatskappy deur of ten behoewe of ten voordele van persone wat lede van dieselfde groep is, besit word of geag word besit te word, en daardie werknemer nie 'n lid van die Blanke groep is nie en nie as werknemer in een van die kategorieë in subparagraaf (*c*) van hierdie paragraaf genoem in diens is nie, en in daardie handel of besigheid in diens is, en terwyl hy op daardie grond of perseel is, sy werk verrig onder die voltydse persoonlike toesig en beheer van 'n persoon wat 'n lid is van dieselfde groep as die persone deur wie of ten behoewe of ten voordele van wie die beheersende belange in daardie maatskappy besit word of geag word besit te word, en daardie persoon gewoonlik voortdurend aanwesig is op daardie grond of perseel, en daardie maatskappy nie ingevolge hierdie bepaling meer as drie onbevoegde persone op daardie grond of persele vir daardie doel in diens het nie."

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hierdie Eerste dag van November Eenduisend Negehonderd Een-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.
P. W. BOTHA.

---

No. 130, 1961.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vier* van die Bank-wysigingswet, 1961, verklaar ek hierby dat genoemde Wet op die eerste dag van Januarie 1962 in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hierdie Twintigste dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Een-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.
T. E. DÖNGES.

---

No. 131, 1961.]

AFSKAFFING VAN DIE PLAASLIKE RAAD MAFEKING EN INSLUITING VAN SEKERE GROND IN DIE GEBIED VAN DIE BAROLONG-STREEKSOWERHEID.—DISTRIK MAFEKING.

Nademaal die Barolongstreeksowerheid, distrik Mafeking, kragtens paragraaf (*b*) van subartikel (1) van artikel *twee* van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), soos gewysig, ingestel is;

And whereas the area of the said Regional Authority does not correspond with the area of the Mafeking Local Council established by Proclamation No. 211 of 1927, as amended by Proclamations Nos. 252 of 1927, 77 of 1931, 161 of 1937 and 112 of 1938;

And whereas the said Local Council has adopted a resolution requesting that such Local Council be disestablished;

And whereas it is expedient that the Barolong Regional Authority shall exercise control over the entire area of the said Local Council;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by section *twenty-five* of the Native Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927), as amended, read with section *twenty-one* of the Native Trust and Land Act, 1936 (Act No. 18 of 1936), as amended, and by section *fourteen* of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), as amended, I do hereby declare as follows:—

(*a*) Proclamation No. 211 of 1927, whereby the Mafeking Local Council was established, as well as Proclamations Nos. 252 of 1927, 77 of 1931, 161 of 1937 and 112 of 1938, is repealed from the date of publication hereof; and

(*b*) notwithstanding the provisions of paragraph (*b*) of sub-section (1) of section *two* of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), as amended, that portion of the area of the Mafeking Local Council, as set forth in the Schedule to Proclamation No. 211 of 1927, as amended, which is not included in the areas of the constituent tribal authorities of the Barolong Regional Authority is now included in the area of the said Regional Authority.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Sixth day of November, One thousand Nine hundred and Sixty-one.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

M. D. C. DE W. NEL.

410/362
14/360

---

No. 132, 1961.]

Under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (3) of section *one* of the Slums Act, 1934 (Act No. 53 of 1934), I hereby declare that the town of Alberton, on the application of the relative Municipal Council and after consultation with the Administrator of the Province of the Transvaal, has been added to the First Schedule of the said Act with effect from the date hereof.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Thirty-first day of October, One thousand Nine hundred and Sixty-one.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

A. HERTZOG.

---

No. 133. 1961.]

Under and by virtue of the powers vested in me by section *thirty* of the Precious Stones Act, 1927 (Act No. 44 of 1927), I declare that the land described in the annexed schedule, situate in the District Ventersdorp, Mining District of Klerksdorp, Transvaal Province, and as shown on a sketch plan copies of which are filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner, Klerksdorp, under R.M.T. No. 2345, being a portion of land proclaimed as an alluvial digging for precious stones by Proclamation No. 62 of 1926, shall be closed and deproclaimed as an alluvial digging for precious stones as from the first day following on the publication of this proclamation in the *Government Gazette*.

En nademaal die gebied van genoemde streeksowerheid nie ooreenstem nie met die gebied van die Plaaslike Raad Mafeking ingestel by Proklamasie No. 211 van 1927, soos gewysig by Proklamasies Nos. 252 van 1927, 77 van 1931, 161 van 1937 en 112 van 1938;

En nademaal genoemde Plaaslike Raad 'n besluit aangeneem het waarin versoek word dat dié Plaaslike Raad afgeskaf word;

En nademaal dit dienstig is dat die Barolongstreeksowerheid beheer moet uitoefen oor die hele gebied van genoemde Plaaslike Raad;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdhede my verleen by artikel *vyf-en-twintig* van die Naturelle-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), soos gewysig, gelees met artikel *een-en-twintig* van die Naturelletrust en -grond Wet, 1936 (Wet No. 18 van 1936), soos gewysig, en by artikel *veertien* van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), soos gewysig, hierby soos volg verklaar:—

(*a*) Proklamasie No. 211 van 1927 waarby die Plaaslike Raad Mafeking ingestel is asook Proklamasies Nos. 252 van 1927, 77 van 1931, 161 van 1937 en 112 van 1938, word met ingang van die datum van publikasie hiervan herroep; en

(*b*) nieteenstaande die bepalings van paragraaf (*b*) van subartikel (1) van artikel *twee* van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), soos gewysig, word dié gedeelte van die gebied van die plaaslike Raad Mafeking, soos uiteengesit in die Bylae van Proklamasie No. 211 van 1927, soos gewysig, wat nie ingesluit is in die gebiede van die samestellende stamowerhede van die Barolongstreeksowerheid nie, nou by die gebied van genoemde streeksowerheid ingesluit.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Sesde dag van November Eenduisend Negehonderd Een-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

M. D. C. DE W. NEL.

410/362
14/360

---

No. 132, 1961.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (3) van artikel *een* van die Slumswet, 1934 (Wet No. 53 van 1934), verklaar ek hierby dat die dorp Alberton op aansoek van die betrokke Stadsraad en na beraadslaging met die Administrateur van die Provinsie Transvaal, aan die Eerste Bylae van genoemde Wet toegevoeg is met ingang van die datum hiervan.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Een-en-dertigste dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Een-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

A. HERTZOG.

---

No. 133, 1961.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *dertig* van die Wet op Edelgesteentes, 1927 (Wet No. 44 van 1927), verklaar ek hierby dat die grond wat in bygaande Bylae omskryf word, in die distrik Ventersdorp, myndistrik Klerksdorp, provinsie Transvaal, geleë is en aangetoon word op 'n sketskaart waarvan afdrukke in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Klerksdorp, onder R.M.T. No. 2345 bewaar word, naamlik 'n gedeelte van grond wat by Proklamasie No. 62 van 1926 tot 'n alluviale delwery vir edelgesteentes geproklameer is, met ingang van die eerste dag na die publikasie van hierdie proklamasie in die *Staatskoerant* as 'n alluviale delwery vir edelgesteentes gesluit en gedeproklameer word.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Thirty-first day of October, One thousand Nine hundred and Sixty-one.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

N. DIEDERICHS.

M.M. 35/26.

SCHEDULE.

| *Description of Land.* | *Extent.* | *Registered Owner.* |
|---|---|---|
| A portion of the remaining extent of the farm Zwartplaat No. 170 (formerly No. 5), Registration Division I.P., District of Ventersdorp | Approximately 124 morgen 587 square roods | H. M. Venter, C. A. van Vuren and G. C. J. Joubert. |

No. 134, 1961.]

## PROCLAMATION OF LAND AS AN ALLUVIAL DIGGING.

Under and by virtue of the powers vested in me by section *twenty-six* of the Precious Stones Act, 1927 (Act No. 44 of 1927), I do hereby declare that on and after the date of publication of this Proclamation in the *Government Gazette*, the land described in the attached Schedule and situate in the Division of Vanrhynsdorp, Mining District of Vanrhynsdorp, Province of the Cape of Good Hope, as demarcated by beacons on the ground and as shown on a sketch plan, copies of which are filed under M.C.V. 3/61 in the office of the Secretary for Mines, Pretoria, and in the office of the Mining Commissioner (Magistrate), Vanrhynsdorp, shall be an alluvial digging for precious stones;

And I do hereby further declare that the land proclaimed as an alluvial digging as aforesaid, shall not be open to the public for the pegging of claims.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Thirty-first day of October, One thousand Nine hundred and Sixty-one.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

N. DIEDERICHS.

M.M. 35/299.

SCHEDULE.

| *Description of Land.* | *Extent.* | *Registered Owner.* |
|---|---|---|
| Certain strips of unalienated State land situated partly on the farm The Point and partly within the Olifants River which is a tidal river in terms of the definition contained in section *one* of the Sea-shore Act, 1935 (Act No. 21 of 1935). | Together approximately 72·500 morgen | Government of the Republic of South Africa. |

## DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 1013.] [17 November 1961.

## ESTABLISHMENT OF A DEPARTMENT OF HOUSING.

It is hereby notified that the State President has been pleased, under the powers vested in him by sub-section (1) of section *twenty* of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, to approve of the establishment of a Department of State, to be known as the Department of Housing, which will include the existing National Housing Office and perform such other functions and duties as may be assigned to it from time to time.

The administration of the Department has been assigned to the Minister of Housing.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Een-en-dertigste dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Een-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

N. DIEDERICHS.

M.M. 35/26.

BYLAE.

| *Omskrywing van grond.* | *Grootte.* | *Geregistreerde eienaar.* |
|---|---|---|
| 'n Gedeelte van die Resterende Gedeelte van die plaas Zwartplaat No. 170 (voorheen No. 5), registrasieafdeling I.P., Distrik Ventersdorp | Ongeveer 124 morg 587 vierkante roede. | H. M. Venter, C. A. van Vuren en G. C. J. Joubert. |

No. 134, 1961.]

## PROKLAMERING VAN GROND TOT 'N ALLUVIALE DELWERY.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *ses-en-twintig* van die Wet op Edelgesteentes, 1927 (Wet No. 44 van 1927), verklaar ek hierby dat, met ingang van die datum van publikasie van hierdie Proklamasie in die *Staatskoerant*, die grond in bygaande Bylae beskryf en geleë in die Afdeling Vanrhynsdorp, myndistrik Vanrhynsdorp, Provinsie Kaap die Goeie Hoop, soos op die grond afgebaken en soos aangetoon op 'n sketskaart waarvan afdrukke onder M.C.V. 3/61 bewaar word in die kantoor van die Sekretaris van Mynwese, Pretoria, en in die kantoor van die Mynkommissaris (Landdros), Vanrhynsdorp, 'n alluvialé delwery vir edelgesteentes is;

En verder verklaar ek hierby dat die grond wat, soos hierbo vermeld, tot 'n alluviale delwery geproklameer word, nie vir die publiek oop is om kleims daarop af te pen nie.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Een-en-dertigste dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Een-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op Las van die Staatspresident-in-rade.

N. DIEDERICHS.

M.M. 35/299.

BYLAE.

| *Beskrywing van grond.* | *Grootte.* | *Geregistreerde eienaar.* |
|---|---|---|
| Sekere stroke onvervreemde Staatsgrond geleë deels op die plaas The Point en deels binne die Olifantsrivier wat ooreenkomstig die omskrywing vervat in artikel *een* van die Strandwet, 1935 (Wet No. 21 van 1935), 'n getyrivier is. | Tesame ongeveer 72·5400 morg. | Regering van die Republiek van Suid-Afrika. |

## DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

No. 1013.] [17 November 1961.

## INSTELLING VAN 'N DEPARTEMENT VAN BEHUISING.

Hierby word bekendgemaak dat dit die Staatspresident behaag het om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (1) van artikel *twintig* van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, sy goedkeuring te heg aan die instelling van 'n staatsdepartement, met name die Departement van Behuising, wat die bestaande Nasionale Behuisingskantoor sal insluit, en dié ander funksies en pligte wat van tyd tot tyd aan hom opgedra mag word, sal uitoefen.

Die administrasie van die Departement is opgedra aan die Minister van Behuising.

No. 1054.] [17 November 1961.

APPOINTMENT OF MINISTERS AND DEPUTY-MINISTER.

It is hereby notified that the State President has been pleased, under the powers vested in him by sections *twenty* and *twenty-one* of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, to approve of the following appointments, with effect from the 10th November, 1961:—

(*a*) MINISTERS.

The Honourable J. DE KLERK as Minister of the Interior and of Education, Arts and Science.
The Honourable A. E. TROLLIP as Minister of Labour and of Immigration.

(*b*) DEPUTY-MINISTER.

The Honourable M. VILJOEN as Deputy-Minister of Labour and of Immigration.

No. 1054.] [17 November 1961.

AANSTELLING VAN MINISTERS EN ADJUNK-MINISTER.

Hierby word bekendgemaak dat dit die Staatspresident behaag het om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikels *twintig* en *een-en-twintig* van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, die onderstaande aanstellings met ingang van 10 November 1961 goed te keur:—

(*a*) MINISTERS.

Sy Edele J. DE KLERK, as Minister van Binnelandse Sake en van Onderwys, Kuns en Wetenskap.
Sy Edele A. E. TROLLIP as Minister van Arbeid en van Immigrasie.

(*b*) ADJUNK-MINISTER.

Sy Edele M. VILJOEN as Adjunk-minister van Arbeid en van Immigrasie.

## DEPARTMENT OF CUSTOMS AND EXCISE.

No. 1009.] [17 November 1961.

CUSTOMS ACT, 1955.—REPEAL OF GOVERNMENT NOTICES.

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by the Customs Act, No. 55 of 1955, hereby repeal the following Government Notices with effect from the date of publication of this notice:—

(1) No. 218 of 17th February, 1956, as amended.
(2) No. 224 of 17th February, 1956, as amended.
(3) No. 225 of 17th February, 1956, as amended.
(4) No. 226 of 17th February, 1956, as amended.

T. E. DÖNGES,
Minister of Finance.

No. 1010.] [17 November 1961.

CUSTOMS ACT, 1955.—REPEAL OF GOVERNMENT NOTICES.

It is notified for general information that the Commissioner of Customs and Excise, in terms of the powers vested in him by the Customs Act, No. 55 of 1955, hereby repeals Government Notice No. 230 of the 17th February, 1956, as amended, and Government Notice No. 231 of the 17th February, 1956, as amended.

## DEPARTMENT OF TRANSPORT.

No. 1014.] [17 November 1961.

APPOINTMENT OF ACTING SECRETARY FOR TRANSPORT.

The Honourable the Minister of Transport has approved of the appointment of Frederick Wynand Liebenberg, Deputy Secretary for Transport as Acting Secretary for Transport with effect from 3rd November, 1961, while the Secretary for Transport is absent abroad.

## DEPARTEMENT VAN DOEANE EN AKSYNS.

No. 1009.] [17 November 1961.

DOEANEWET, 1955.—HERROEPING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by die Doeanewet, No. 55 van 1955, herroep onderstaande Goewermentskennisgewings hierby met ingang van die datum van publikasie van hierdie kennisgewing:—

(1) No. 218 van 17 Februarie 1956, soos gewysig.
(2) No. 224 van 17 Februarie 1956, soos gewysig.
(3) No. 225 van 17 Februarie 1956, soos gewysig.
(4) No. 226 van 17 Februarie 1956, soos gewysig.

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies.

No. 1010.] [17 November 1961.

DOEANEWET, 1955.—HERROEPING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

Daar word vir algemene inligting bekend gemaak dat die Kommissaris van Doeane en Aksyns, kragtens die bevoegdheid hom verleen by die Doeanewet, No. 55 van 1955, Goewermentskennisgewing No. 230 van 17 Februarie 1956, soos gewysig, en Goewermentskennisgewing No. 231 van 17 Februarie 1956, soos gewysig, hierby herroep.

## DEPARTEMENT VAN VERVOER.

No. 1014.] [17 November 1961.

AANSTELLING VAN WAARNEMENDE SEKRETARIS VAN VERVOER.

Sy Edele die Minister van Vervoer het die aanstelling van Frederick Wynand Liebenberg, Adjunk-Sekretaris van Vervoer, as Waarnemende Sekretaris van Vervoer vanaf 3 November 1961, terwyl die Sekretaris van Vervoer in die buiteland afwesig is, goedgekeur.

## DEPARTMENT OF THE INTERIOR.

No. 956.] [10 November 1961.

CUSTOMS ACT, 1955.—OBJECTIONABLE LITERATURE: LIST No. 52 PUBLISHED SUBSEQUENT TO THE REVISED LIST PUBLISHED BY GOVERNMENT NOTICE No. 1510 OF THE 31ST JULY, 1956.

In terms of sub-section (3) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1955 (Act No. 55 of 1955), I, JOHANNES DE KLERK, Minister of the Interior, declare the undermentioned publications, *and all future issues thereof*, to be indecent, obscene or objectionable:—

1. *World Marxist Review*, Vol. 3, No. 11, 1960.
2. *World Trade Union Movement*, No. 6, June, 1960.
3. *Man's Wildcat Adventures*, Vol. 1, No. 11, February, 1961.

In terms of sub-section (1) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1955, the said publications are, therefore prohibited from importation into the Union.

In terms of section *one hundred and twenty-eight* read with section *one hundred and twenty-six* of the said Act, any person who knowingly has in his possession or deals with any such publications, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine of two thousand rand, or to imprisonment for a period not exceeding five years, or to both such fine and imprisonment.

Attention is also invited to the provisions of section *one hundred and thirty-seven* of the said Act, in terms of which any person who sells, offers or keeps for sale or distributes or exhibits any such publications, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding four hundred rand or to imprisonment without the option of a fine for a period not exceeding twelve months, or to both such fine and imprisonment.

J. DE KLERK,
Minister of the Interior.

## DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE.

No. 956.] [10 November 1961.

DOEANEWET, 1955.—AANSTOOTLIKE LITERATUUR: LYS No. 52 GEPUBLISEER NA DIE HERSIENE LYS WAT BY GOEWERMENTSKENNISGEWING No. 1510 VAN 31 JULIE 1956 GEPUBLISEER IS.

Kragtens subartikel (3) van artikel *een-en-twintig* van die Doeanewet, 1955 (Wet No. 55 van 1955), verklaar ek, JOHANNES DE KLERK, Minister van Binnelandse Sake, onderstaande publikasies, *en alle toekomstige uitgawes daarvan*, as onbetaamlik, onwelvoeglik of aanstootlik:—

1. *World Marxist Review*, Vol. 3, No. 11, 1960.
2. *World Trade Union Movement*, No. 6, June, 1960.
3. *Man's Wildcat Adventures*, Vol. 1, No. 11, February, 1961.

Ingevolge subartikel (1) van artikel *een-en-twintig* van die Doeanewet, 1955, mag vermelde publikasies derhalwe nie in die Unie ingevoer word nie.

Ingevolge artikel *honderd agt-en-twintig*, gelees met artikel *honderd ses-en-twintig* van genoemde Wet, begaan 'n persoon wat willens en wetens enigeen van vermelde publikasies in sy besit het of daarmee handel, 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van tweeduisend rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar, of met sowel die boete as die gevangenisstraf.

Die aandag word ook gevestig op die bepalings van artikel *honderd sewe-en-dertig* van genoemde Wet, ingevolge waarvan 'n persoon wat 'n eksemplaar van enigeen van vermelde publikasies verkoop, te koop aanbied of hou of versprei of vertoon, 'n misdryf begaan en by skuldigbevinding strafbaar is met 'n boete van hoogstens vierhonderd rand of met gevangenisstraf sonder die keurse van 'n boete, vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande of met sowel die boete as die gevangenisstraf.

J. DE KLERK,
Minister van Binnelandse Sake.

10—17

No. 1034.] [17 November 1961.

CUSTOMS ACT, 1955.—OBJECTIONABLE LITERATURE—CORRECTION OF LIST No. 56, PUBLISHED BY GOVERNMENT NOTICE No. 909, DATED 27TH OCTOBER, 1961.

Item Nos 147–159 should read:—

| | |
|---|---|
| *Reformatory Women* | Kermit Welles. |
| *Reptilicus* | Dean Owen. |
| *Resort Girl* | Peggy Tyrell. |
| *Return to Peyton Place* (All soft cover editions) | Grace Metalious. |
| *Road to Sharpeville, The* | Bernard Sachs. |
| *Rössler, Unique Editions, No. 5* | — |
| *Rössler, Unique Editions, No. 6* | — |
| *Savage Delinquents* | Alan Bennett. |
| *Savage Love* | Mark Ryan. |
| *Savage Salome, The* | Carter Brown. |
| *Save me the Sun* | Hassoldt Davis. |
| *Scene, The* | Clarence L. Cooper (jnr.). |
| *Sex and Love* | Frank S. Caprio *M.D.* |

Item Nos. 162–164 should read:—

| | |
|---|---|
| *Sinful Army Temptress* | William David. |
| *Sinful Desires* | Florence Stonebraker. |
| *Some Angry Angel* | Richard Condon. |

No. 1034.] [17 November 1961.

DOEANEWET, 1955.—AANSTOOTLIKE LITERATUUR.—VERBETERING VAN LYS No. 56, GEPUBLISEER BY GOEWERMENTSKENNISGEWING No. 909 VAN 27 OKTOBER 1961.

Item Nos 147–159 moet lui:—

| | |
|---|---|
| *Reformatory Women* | Kermit Welles. |
| *Reptilicus* | Dean Owen. |
| *Resort Girl* | Peggy Tyrell. |
| *Return to Peyton Place* (Alle sagteband-uitgawes) | Grace Metalious. |
| *Road to Sharpeville, The* | Bernard Sachs. |
| *Rössler, Unique Editions, No. 5* | — |
| *Rössler, Unique Editions, No. 6* | — |
| *Savage Delinquents* | Alan Bennett. |
| *Savage Love* | Mark Ryan. |
| *Savage Salome, The* | Carter Brown. |
| *Save me the Sun* | Hassoldt Davis. |
| *Scene, The* | Clarence L. Cooper (jnr.). |
| *Sex and Love* | Frank S. Caprio *M.D.* |

Item Nos. 162–164 moet lui:—

| | |
|---|---|
| *Sinful Army Temptress* | William David. |
| *Sinful Desires* | Florence Stonebraker. |
| *Some Angry Angel* | Richard Condon. |

No. 1035.] [17 November 1961.

CUSTOMS ACT, 1955.—OBJECTIONABLE LITERATURE: LIST No. 57 PUBLISHED SUBSEQUENT TO THE REVISED LIST PUBLISHED BY GOVERNMENT NOTICE No. 1510 OF THE 31ST JULY, 1956.

In terms of sub-section (3) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1955 (Act No. 55 of 1955), I, JOHANNES DE KLERK, Minister of the Interior, declare the undermentioned publications, *and all future issues thereof*, to be indecent, obscene or objectionable:—

1. *Fascination*, No. 5; No. 6; No. 7.
2. *Girls and Gags*, Vol. 7, No. 5, October, 1961.
3. *Korea News*, No. 14, May 20, 1961.
4. *Korea Today*, No. 45 (5), 1960.
5. *New Hungary*, No. 76, June-July, 1961.
6. *Oγohëk*, No. 23, 1961.
7. *Peace News*, No. 1300, May 26, 1961.
8. *Pimienta*, Vol. 2, No. 4, January, 1960.
9. *Soviet Books*, 1961 (Catalogue of Publications in Foreign Languages).
10. *Swaziland Freedom Star, The* (*Inkanyezi Yenkululeko Kangwane*).

In terms of sub-section (1) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1955, the said publications are, therefore, prohibited from importation into the Republic.

In terms of section *one hundred and twenty-eight*, read with section *one hundred and twenty-six* of the said Act, any person who knowingly has in his possession or deals with any such publications shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine of two thousand rand, or to imprisonment for a period not exceeding five years, or to both such fine and imprisonment.

Attention is also invited to the provisions of section *one hundred and thirty-seven* of the said Act, in terms of which any person who sells, offers or keeps for sale or distributes or exhibits any such publications, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding four hundred rand or to imprisonment without the option of a fine for a period not exceeding twelve months, or to both such fine and imprisonment.

J. DE KLERK,
Minister of the Interior.

No. 1036.] [17 November 1961.

CUSTOMS ACT, 1955.—OBJECTIONABLE LITERATURE: LIST No. 58 PUBLISHED SUBSEQUENT TO THE REVISED LIST PUBLISHED BY GOVERNMENT NOTICE No. 1510 OF THE 31ST JULY, 1956.

In terms of sub-section (3) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1955 (Act No. 55 of 1955), I, JOHANNES DE KLERK, Minister of the Interior, declare the undermentioned publications to be indecent, obscene or objectionable:—

| *Publication/Publikasie.* | *By/Deur.* |
|---|---|
| 1. *Africa Looks Ahead* (and abridgement/*en die verkorting daarvan*) | I. I. Potekhin. |
| 2. *Assistant, The* | Bernard Malamud. |
| 3. *Change of Mind, A* | G. M. Glaskin. |
| 4. *Confidential Detective Yearbook*, No. 5 | — |
| 5. *Creative Camera* | Lew Parrella. |
| 6. *End to Fury, An* | Edward Mannix. |
| 7. *Fabian* | Erich Kästner. |
| 8. *Freedom Killers, The* | Donald Swanson. |
| 9. *Good Wife, The* (Ace Book No. H. 486) | Aurelia Levi. |
| 10. *Hot Seat* | W. E. Butterworth. |
| 11. *Lady Chatterley's Daughter* | Patricia Robins. |
| 12. *Learn to Draw* (Fawcett Book No. 452) | — |
| 13. *Magnolia Murder, The* | Wyatt Bell. |
| 14. *Man's Best*, Vol. 1, No. 2, November, 1961 | — |
| 15. *Man's World*, Vol. 7, No. 5, October, 1961 | — |

No. 1035.] [17 November 1961.

DOEANEWET, 1955.—AANSTOOTLIKE LITERATUUR: LYS No. 57 GEPUBLISEER NA DIE HERSIENE LYS WAT BY GOEWERMENTSKENNISGEWING No. 1510 VAN 31 JULIE 1956 GEPUBLISEER IS.

Kragtens subartikel (3) van artikel *een-en-twintig* van die Doeanewet, 1955 (Wet No. 55 van 1955), verklaar ek, JOHANNES DE KLERK, Minister van Binnelandse Sake, dat onderstaande publikasies, *en alle toekomstige uitgawes daarvan*, onbetaamlik, onwelvoeglik of aanstootlik is:—

1. *Fascination*, No. 5; No. 6; No. 7.
2. *Girls and Gags*, Vol. 7, No. 5, October, 1961.
3. *Korea News*, No. 14, May 20, 1961.
4. *Korea Today*, No. 45 (5), 1960.
5. *New Hungary*, No. 76, June-July, 1961.
6. *Oγohëk*, No. 23, 1961.
7. *Peace News*, No. 1300, May 26, 1961.
8. *Pimienta*, Vol. 2, No. 4, January, 1960.
9. *Soviet Books*, 1961 (Catalogue of Publications in Foreign Languages).
10. *Swaziland Freedom Star, The* (*Inkanyezi Yenkululeko Kangwane*).

Ingevolge subartikel (1) van artikel *een-en-twintig* van die Doeanewet, 1955, mag vermelde publikasies derhalwe nie in die Republiek ingevoer word nie.

Ingevolge artikel *honderd agt-en-twintig*, gelees met artikel *honderd ses-en-twintig* van genoemde Wet, begaan 'n persoon wat willens en wetens enigeen van vermelde publikasies in sy besit het of daarmee handel, 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van tweeduisend rand, of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar of met sowel die boete as die gevangenisstraf.

Die aandag word ook gevestig op die bepalings van artikel *honderd sewe-en-dertig* van genoemde Wet ingevolge waarvan 'n persoon wat 'n eksemplaar van enigeen van vermelde publikasies verkoop, te koop aanbied of hou of versprei of vertoon, 'n misdryf begaan en by skuldigbevinding strafbaar is met 'n boete van hoogstens vierhonderd rand of met gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande, of met sowel die boete as die gevangenisstraf.

J. DE KLERK,
Minister van Binnelandse Sake.

No. 1036.] [17 November 1961.

DOEANEWET, 1955.—AANSTOOTLIKE LITERATUUR: LYS No. 58 GEPUBLISEER NA DIE HERSIENE LYS WAT BY GOEWERMENTSKENNISGEWING No. 1510 VAN 31 JULIE 1956 GEPUBLISEER IS.

Kragtens subartikel (3) van artikel *een-en-twintig* van die Doeanewet, 1955 (Wet No. 55 van 1955), verklaar ek, JOHANNES DE KLERK, Minister van Binnelandse Sake, dat onderstaande publikasies onbetaamlik, onwelvoeglik of aanstootlik is:—

| *Publication/Publikasie.* | *By/Deur.* |
|---|---|
| 16. *Meet the Mob* | Det. Frank Mullady and William H. Kofoed. |
| 17. *Messalina* | Jack Oleck. |
| 18. *Modern Birth Control* (Paperback Library Book No. S111) | Robert Mallory, M.D. and Theodore Irwin. |
| 19. *Nazi Tyranny, The* (Published by Wgkagyl Publications, Inc.) | — |
| 20. *Negro Digest*, Vol. X. No. 8, June, 1961 | — |
| 21. *News* (Monthly Illustrated from the German Democratic Republic), June, 1961 | — |
| 22. *Nus*, Album No. 11 | — |
| 23. *Photography Studies* (Maco Book No. 95) | — |
| 24. *Prizewinning Photography* (Fawcett Book No. 380) | — |
| 25. *Prizewinning Photography* (Fawcett Book Book No. 458) | — |
| 26. *Salon Photography* (Fawcett Book No. 391) | — |

| *Publication/Publikasie.* | *By/Deur.* |
|---|---|
| 27. *Sanctuary*..... | William Faulkner. |
| 28. *Scollay Square* (Ace Book No. H490).... | Pearl Schiff. |
| 29. *Season of Desire*..... | Augusta Wallace Lyons. |
| 30. *To Beg I Am Ashamed*..... | Sheila Cousins. |
| 31. *Target*, Vol. 1, No. 1, October, 1961..... | — |

In terms of sub-section (1) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1955, the said publications are, therefore, prohibited from importation into the Republic.

In terms of section *one hundred and twenty-eight*, read with section *one hundred and twenty-six* of the said Act, any person who knowingly has in his possession or deals with any such publications shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine of two thousand rand, or to imprisonment for a period not exceeding five years, or to both such fine and imprisonment.

J. DE KLERK,
Minister of the Interior.

---

No. 1037.] [8 November 1961.

CHANGE OF NAME.—SECTION *NINE* OF THE ALIENS ACT, 1937, AS AMENDED—GROER TO POPPER.

The State President has been pleased under the provisions of section *nine* of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), as amended, to authorise Caroline Popper Groer, minor child of Susi Popper, residing at 10 Willanda Court, 88 Louis Botha Avenue, Yeoville, Johannesburg, to assume the surname of Popper.

---

No. 1038.] [7 November 1961.

CHANGE OF NAME.—SECTION *NINE* OF THE ALIENS ACT, 1937, AS AMENDED—KNOETZE TO KNUDSEN.

The State President has been pleased under the provisions of section *nine* of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), as amended, to authorise Joseph Gideon Knoetze, his wife, Doris Knoetze, and minor children, Audrey Maria Knoetze and Gidon Joseph Petrus Knoetze, residing at 434 Rifle Range Road, Rosettenville Extension, Johannesburg, to assume the surname of Knudsen.

---

No. 1039.] [7 November 1961.

CHANGE OF NAME.—SECTION *NINE* OF THE ALIENS ACT, 1937, AS AMENDED—GUE TO FORD.

The State President has been pleased under the provisions of section *nine* of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), as amended, to authorise Fok Jackie Gue and Anthony Ford Gue, minor children of Hu Gue, residing at 786 Twenty-sixth Street, Vrededorp, Johannesburg, to assume the surname of Ford.

---

No. 1040.] [2 November 1961.

CHANGE OF NAME.—SECTION *NINE* OF THE ALIENS ACT, 1937, AS AMENDED—NEWBERY TO PEIRCE.

The State President has been pleased under the provisions of section *nine* of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), as amended, to authorise Kenneth John Graham Newbery and Jenneth Linden Newbery, minor children of Elaine Peirce, residing at 36 General Cronje Street, Bloemfontein, to assume the surname of Peirce.

Ingevolge subartikel (1) van artikel *een-en-twintig* van die Doeanewet, 1955, mag vermelde publikasies derhalwe nie in die Republiek ingevoer word nie.

Ingevolge artikel *honderd agt-en-twintig*, gelees met artikel *honderd ses-en-twintig* van genoemde Wet, begaan enige persoon wat willens en wetens enigeen van vermelde publikasies in sy besit het of daarmee handel, 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van tweeduisend rand, of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar of met sowel die boete as die gevangenisstraf.

J. DE KLERK,
Minister van Binnelandse Sake.

---

No. 1037.] [8 November 1961.

NAAMSVERANDERING.—ARTIKEL *NEGE* VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937, SOOS GEWYSIG—GROER IN POPPER.

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel *nege* van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), soos gewysig, Caroline Popper Groer, minderjarige kind van Susi Popper, woonagtig te Willandahof 10, Louis Bothalaan 88, Yeoville, Johannesburg, te magtig om die van Popper aan te neem.

---

No. 1038.] [7 November 1961.

NAAMSVERANDERING.—ARTIKEL *NEGE* VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937, SOOS GEWYSIG—KNOETZE IN KNUDSEN.

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel *nege* van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), soos gewysig, Joseph Gideon Knoetze, sy vrou, Doris Knoetze, en minderjarige kinders, Audrey Maria Knoetze en Gideon Joseph Petrus Knoetze, woonagtig te Rifle Rangeweg 434, Rosettenville-uitbreiding, Johannesburg, te magtig om die van Knudsen aan te neem.

---

No. 1039.] [7 November 1961.

NAAMSVERANDERING.—ARTIKEL *NEGE* VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937, SOOS GEWYSIG—GUE IN FORD.

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel *nege* van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), soos gewysig, Fok Jackie Gue en Anthony Ford Gue, minderjarige kinders van Hu Gue, woonagtig te Ses-en-twintigste Straat 786, Vrededorp, Johannesburg, te magtig om die van Ford aan te neem.

---

No. 1040.] [2 November 1961.

NAAMSVERANDERING.—ARTIKEL *NEGE* VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937, SOOS GEWYSIG—NEWBERY IN PEIRCE.

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel *nege* van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), soos gewysig, Kenneth John Graham Newbery en Jenneth Linden Newbery, minderjarige kinders van Elaine Peirce, woonagtig te Generaal Cronjestraat 36, Bloemfontein, te magtig om die van Peirce aan te neem.

No. 1041.] [2 November 1961.

CHANGE OF NAME.—SECTION *NINE* OF THE ALIENS ACT, 1937, AS AMENDED—SWART TO GARDNER.

The State President has been pleased under the provisions of section *nine* of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), as amended, to authorise Bernice Viola Swart, Dulcie Jeanette Swart, Jacqueline Catherine Swart and Owen Errol Swart, minor children of Olga Elizabeth Gardner, residing at Briza Heights, Briza Road, Somerset West, to assume the surname of Gardner.

No. 1049.] [10 November 1961.

THE ALIENS ACT, 1937.—WITHDRAWAL OF REGULATION.

The State President has, in terms of section *eleven* of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), as amended, been pleased to withdraw the undermentioned regulation published under Government Notice No. 161 of the 30th January, 1937, as amended, *in toto* with restrospective effect from the 1st June, 1961:—

Regulation 8.

## DEPARTMENT OF LABOUR.

No. 1011.] [17 November 1961.

WAGE ACT, No. 5 OF 1957.

CEMENT PRODUCTS INDUSTRY, CERTAIN AREAS.

By direction of the Deputy-Minister of Labour, all persons whose interests may be affected directly or indirectly by the recommendation which has been submitted to the Minister by the Wage Board and which appears in the Schedule hereto, and who have any objections to the making of a determination in accordance with the recommendation are hereby, in terms of paragraph (*a*) of sub-section (1) of section *thirteen* of the Wage Act, 1957, invited to lodge such objections, in writing, with the Secretary for Labour, Private Bag 117, Pretoria, within thirty days after publication of this notice.

(NOTE.—The report of the Wage Board pertaining to this recommendation is available for inspection at the offices of the Divisional Inspectors, Department of Labour, Cape Town, Port Elizabeth, Kimberley, East London, Durban, Bloemfontein, Johannesburg and Pretoria. Persons lodging objections other than in manuscript are requested to furnish seven copies of their statement of objections and seven copies of any accompanying documents.)

SCHEDULE.

RECOMMENDATION TO THE HONOURABLE THE MINISTER OF LABOUR BY DIVISION A OF THE WAGE BOARD.

CEMENT PRODUCTS INDUSTRY.—CERTAIN AREAS.

1. AREA AND SCOPE OF DETERMINATION.

This Determination shall apply to all employees, other than managers, in the Cement Products Industry in the following areas, namely:—

*Cape Province.*—The Magisterial Districts of Albany, Bellville, the Cape, King William's Town, Kimberley, Kirkwood, East London, Paarl, Port Elizabeth, Queenstown, Simonstown, Somerset West, Stellenbosch, Uitenhage, Wellington and Wynberg;

*Natal.*—The Magisterial Districts of Durban, Inanda, Pinetown and Pietermaritzburg;

*Orange Free State.*—The Magisterial Districts of Bloemfontein, Kroonstad, Odendaalsrus, Virginia and Welkom;

No. 1041.] [2 November 1961.

NAAMSVERANDERING.—ARTIKEL *NEGE* VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937, SOOS GEWYSIG—SWART IN GARDNER.

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel *nege* van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), soos gewysig, Bernice Viola Swart, Dulcie Jeanette Swart, Jacqueline Catherine Swart en Owen Errol Swart, minderjarige kinders van Olga Elizabeth Gardner, woonagtig te Briza Heights, Brizaweg, Somerset-Wes, te magtig om die van Gardner aan te neem.

No. 1049.] [10 November 1961.

WET OP VREEMDELINGE, 1937.—INTREKKING VAN REGULASIE.

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *elf* van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), soos gewysig, ondergenoemde regulasie wat kragtens genoemde Wet uitgevaardig en gepubliseer is by Goewermentskennisgewing No. 161 van 30 Januarie 1937, soos gewysig, in te trek met terugwerkende krag vanaf 1 Junie 1961:—

Regulasie 8.

## DEPARTEMENT VAN ARBEID.

No. 1011.] [17 November 1961.

LOONWET No. 5 VAN 1957.

SEMENTPRODUKTENYWERHEID, SEKERE GEBIEDE.

In opdrag van die Adjunk-minister van Arbeid word almal wie se belange regstreeks of onregstreeks geraak word deur die aanbeveling wat die Loonraad aan die Minister voorgelê het en wat in die Bylae hiervan verskyn, hierby ooreenkomstig paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel *dertien* van die Loonwet, 1957, versoek om, as hulle besware het teen die maak van 'n vasstelling ooreenkomstig die aanbeveling, daardie besware binne 30 dae na die publikasie van hierdie kennisgewing skriftelik by die Sekretaris van Arbeid, Privaatsak 117, Pretoria, in te dien.

(OPMERKING.—Die Loonraadverslag wat op hierdie aanbeveling betrekking het, is beskikbaar vir insae by die kantore van die Afdelingsinspekteurs, Departement van Arbeid, Kaapstad, Port Elizabeth, Kimberley, Oos-Londen, Durban, Bloemfontein, Johannesburg en Pretoria. Persone wat besware indien in 'n ander vorm as in manuskrip, word versoek om sewe afskrifte van hulle besware en sewe afskrifte van alle bygaande dokumente te verstrek.)

BYLAE.

AANBEVELING AAN SY EDELE DIE MINISTER VAN ARBEID DEUR AFDELING A VAN DIE LOONRAAD.

SEMENTPRODUKTENYWERHEID.—SEKERE GEBIEDE.

1. GEBIED EN BESTEK VAN VASSTELLING.

Hierdie Vasstelling is van toepassing op alle werknemers, uitgesonderd bestuurders, in die Sementproduktenywerheid in die volgende gebiede, nl.—

*Kaapprovinsie.*—Die landdrosdistrikte Albany, Bellville, die Kaap, King William's Town, Kimberley, Kirkwood, Oos-Londen, Paarl, Port Elizabeth, Queenstown, Simonstad, Somerset-Wes, Stellenbosch, Uitenhage, Wellington en Wynberg.

*Natal.*—Die landdrosdistrikte Durban, Inanda, Pinetown en Pietermaritzburg.

*Oranje-Vrystaat.*—Die landdrosdistrikte Bloemfontein, Kroonstad, Odendaalsrus, Virginia en Welkom.

*Transvaal.*—The Magisterial Districts of Benoni, Boksburg, Brakpan, Delmas, Germiston, Heidelberg, Johannesburg, Kempton Park, Klerksdorp, Krugersdorp, Middelburg, Nigel, Oberholzer, Potchefstroom, Pretoria, Randfontein, Roodepoort, Springs, Vanderbijlpark, Vereeniging and Witbank;

and to the employers of such employees.

2. DEFINITIONS.

(1) Unless the context otherwise indicates, any expression which is used in this Determination and which is defined in the Wage Act, 1957, has the same meaning as in that Act and unless inconsistent with the context—

"artisan" means an employee who is engaged in work normally performed by a skilled artisan and for the purpose of this definition the expression "skilled artisan" means a person who has served his apprenticeship in a trade designated or deemed to have been designated under the Apprenticeship Act, 1944, or who holds a certificate of proficiency issued to him by the Registrar of Apprenticeship in terms of section *six* of the Training of Artisans Act, 1951, or a certificate issued to him by the said Registrar in terms of either section *two* (7) or section *seven* (3) of the said Act and includes a mould maker, a plaster shop hand, a window fitter, a welder (other than a spot or butt welder) and a moulder (other than an employee engaged in filling, stamping, ramming or tamping material in moulds);

"artisan's assistant" means an employee who assists an artisan by holding articles or tools or otherwise working with him other than by the independent use of tools;

"assistant compound manager" means an employee who, under the general supervision of a compound manager, performs any of the duties of a compound manager and who may act for him during his absence;

"assistant foreman" means an employee who, under the general supervision of a foreman, performs any of the duties of a foreman and who may act for him during his absence;

"assistant operator of a pipe spinning machine" means an employee who, under the supervision of a pipe spinner, operates a pipe spinning machine;

"boiler attendant" means an employee who, under general supervision, maintains the water level and steam pressure in a boiler and who may make, maintain or draw the fire in such boiler;

"casual employee" means an employee who is employed by the same employer on not more than three days in any week;

"Cement Products Industry" means the industry in which employers and employees are associated for the purpose of manufacturing one or more of the following articles in establishments which are registered or liable for registration in terms of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, as amended:—

Bricks, tiles, roof tiles, blocks, pillars, pots, pipes, fittings, ventilators or any other articles of which cement or lime or both cement and lime form the principal binding material and which are not hardened by means of burning in kiln or subject to any other heat process except for purposes of drying or for the purpose of accelerating the hardening of the binding agent,

and includes all operations incidental to or consequent on any of the aforesaid activities;

"chargehand" means an employee who is in charge of a group of grade IV employees or labourers;

"clerk" means an employee who is engaged in writing, typing or in any other form of clerical work and includes a cashier, storeman, despatch clerk and a telephone switchboard operator, but does not include any other class of employee elsewhere defined in this clause notwithstanding the fact that clerical work may form a portion of such employee's work;

"clerk, female, qualified," means a female clerk who has had not less than four years' experience;

"clerk, female, unqualified," means a female clerk who has had less than four years' experience;

"clerk, male, qualified", means a male clerk who has had not less than five years' experience;

"clerk, male, unqualified," means a male clerk who has had less than five years' experience;

"commission work" means any system under which a traveller's remuneration is based on the value or number of orders submitted by him to, and accepted by, his employer;

"compound manager" means an employee who is in charge of a compound and responsible for the cleanliness and discipline of the persons housed in the compound;

"crane driver" means an employee who operates and controls a power-driven crane other than a power-driven floor operated crane or hoist;

"day", in relation to a shift worker and a watchman, means the period of twenty-four hours calculated from the time the employee commences work;

"despatch clerk" means an employee who is responsible for the despatch or the packing of goods for transport or delivery and who may supervise the assembling, checking, weighing, packing, marking, addressing or despatching of such goods or packages;

*Transvaal.*—Die landdrosdistrikte Benoni, Boksburg, Brakpan, Delmas, Germiston, Heidelberg, Johannesburg, Kempton Park, Klerksdorp, Krugersdorp, Middelburg, Nigel, Oberholzer, Potchefstroom, Pretoria, Randfontein, Roodepoort, Springs, Vanderbijlpark, Vereeniging en Witbank,

en op die werkgewers van sodanige werknemers.

2. WOORDOMSKRYWINGS.

(1) Tensy die samehang anders aandui, het alle uitdrukkings wat in hierdie Vasstelling gebesig en in die Loonwet, 1957, omskryf word, dieselfde betekenis as dié Wet, en tensy onbestaanbaar met dié samehang, beteken—

„ambagsman" 'n werknemer wat werk verrig wat gewoonlik deur 'n geskoolde ambagsman verrig word, en vir die toepassing van hierdie woordomskrywing beteken die uitdrukking „geskoolde ambagsman" 'n persoon wat sy vakleerlingskap gedien het in 'n bedryf wat ooreenkomstig die Wet op Vakleerlinge, 1944, aangewys is of wat geag word dienooreenkomstig aangewys te wees of wat in besit is van 'n sertifikaat van bekwaamheid deur die Registrateur van Vakleerlinge ingevolge artikel *ses* van die Wet op Opleiding van Ambagsmanne, 1951, aan hom uitgereik of 'n sertifikaat deur genoemde Registrateur ingevolge òf artikel *twee* (7) òf artikel *sewe* (3) van genoemde Wet aan hom uitgereik, en omvat 'n *vormvervaardiger*, 'n *pleisterhulp*, 'n *venstermonteur*, 'n *sweiser* (uitgesonderd 'n punt- of stompsweiser) en 'n *vormgieter* (uitgesonderd 'n werknemer wat materiaal in vorms instamp, vasstamp of stamp of vorms daarmee vul);

„ambagsman se hulp" 'n werknemer wat 'n ambagsman help deur artikels of gereedskap vas te hou of andersins met hom saamwerk, uitgesonderd deur die selfstandige gebruik van gereedskap;

„assistent-kampongbestuurder" 'n werknemer wat onder die algemene toesig van 'n kampongbestuurder enigeen van die pligte van 'n kampongbestuurder uitvoer, en wat gedurende sy afwesigheid in sy plek kan waarneem;

„assistent-voorman" 'n werknemer wat onder die algemene toesig van 'n voorman enigeen van die pligte van 'n voorman uitvoer en wat gedurende sy afwesigheid in sy plek kan waarneem;

„assistent-bediener van 'n pypdraaimasjien" 'n werknemer wat onder die toesig van 'n pypdraaier 'n pypdraaimasjien bedien;

„stoomketelbediener" 'n werknemer wat onder algemene toesig die waterpeil en stoomdruk in 'n stoomketel instandhou en wat die vuur in so 'n stoomketel kan maak, instandhou of uithaal;

„los werknemer" 'n werknemer wat op hoogstens drie dae in 'n week deur dieselfde werkgewer in diens geneem word;

„Sementproduktenywerheid" die nywerheid waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is met die doel om een of meer van die volgende artikels te vervaardig in bedryfsinrigtings wat ingevolge die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, soos gewysig, geregistreer is of aan registrasie onderworpe is:—

Stene, teëls, dakpanne, blokke, pilare, potte, pype, pyptoebehore, lugroosters of enige ander artikels waarvan sement of kalk of beide sement en kalk die vernaamste bindmiddel vorm en wat nie deur oondbrand gehard is of enige ander verhittingsproses ondergaan het nie, behalwe vir drogingsdoeleindes of om die hard word van die bindmiddel te bespoedig;

en omvat alle werksaamhede wat met enigeen van voormelde bedrywighede in verband staan of daaruit voortspruit;

„onderbaas" 'n werknemer wat aan die hoof is van 'n groep werknemers, graad IV, of arbeiders;

„klerk" 'n werknemer wat skryf-, tik- of enige ander vorm van klerklike werk verrig en omvat 'n kassier, voorraadman, versendingsklerk en 'n telefonis, maar omvat nie enige ander klas werknemer wat elders in hierdie klousule omskryf word nie, ondanks die feit dat klerklike werk deel van sodanige werknemer se werk kan uitmaak;

„klerk, vroulik, gekwalifiseer," 'n vroulike klerk met minstens vier jaar ondervinding;

„klerk, vroulik, ongekwalifiseer," 'n vroulike klerk met minder as vier jaar ondervinding;

„klerk, manlik, gekwalifiseer," 'n manlike klerk met minstens vyf jaar ondervinding;

„klerk, manlik, ongekwalifiseer," 'n manlike klerk met minder as vyf jaar ondervinding;

„kommissiewerk" enige stelsel waarvolgens 'n handelsreisiger se besoldiging gebaseer is op die waarde of getal bestellings wat hy by sy werkgewer indien en deur hom aangeneem word;

„kampongbestuurder" 'n werknemer wat in beheer is van 'n kampong en verantwoordelik is vir die sindelikheid en dissipline van die persone wat in die kampong gehuisves word;

„hyskraandrywer" 'n werknemer wat 'n kragaangedrewe hyskraan bedien en beheer, uitgesonderd 'n kragaangedrewe hyskraan of hystoestel wat van die vloer af bedien word;

„dag" met betrekking tot 'n skofwerker en 'n wag, die tydperk van 24 uur bereken vanaf die tydstip waarop die werknemer begin werk;

„versendingsklerk" 'n werknemer wat verantwoordelik is vir die versending of die verpakking van goedere vir vervoer of aflewering en wat kan toesig hou oor die versameling, nagaan, weeg, verpakking, merk, adresseer of versending van sulke goedere of pakkies;

"despatch packer" means an employee who, under the supervision of a clerk or a foreman, is engaged in packing articles for despatch;

"driver of a motor vehicle" means an employee who is engaged in driving a motor vehicle, and for the purpose of this definition the expression "driving a motor vehicle" includes all periods of driving and any time spent by the driver on work connected with the vehicle or the load and all periods during which he is obliged to remain at his post in readiness to drive;

"driver of a motor vehicle, class I," means a driver of a motor vehicle who drives the vehicle outside an establishment;

"driver of a motor vehicle, class II," means a driver of a motor vehicle who drives the vehicle within an establishment;

"emergency work" means any work which, owing to unforeseen circumstances such as fire, storm, accident, epidemic, act of violence or theft, must be done without delay and any work connected with the loading or unloading of trucks or vehicles of the South African Railways and Harbours or of ships or with the cleaning, overhauling or repairing of plant or machinery which cannot be performed during ordinary working hours;

"establishment" means any premises in or in connection with which one or more employees are employed in the Cement Products Industry;

"experience" means in relation to—

(*a*) a clerk, the total period or periods of employment which an employee has had as a clerk in any trade or in the service of the State;

(*b*) any other class of employee, the total period or periods of employment which an employee has had in his class in the Cement Products Industry: Provided that when a grade II employee or a grade III employee is promoted to grade I employee or grade II employee, all employment which such employee has had in the lower grade with the same employer shall be deemed to be experience in the higher grade to which he has been promoted to the extent that his starting wage in the said higher grade shall be not less than the wage which he received in the lower grade immediately before he was employed in the higher grade;

"factory clerk" means an employee who, under the supervision of a foreman, a qualified clerk or a compound manager, is engaged in performing any one or more of the following duties:—

(1) Checking or measuring or counting or recording (other than by means of tallies) or weighing (other than to a set scale);
(2) checking or recording times employees enter or leave an establishment or section of an establishment;
(3) issuing small tools or hardware goods for use in an establishment;
(4) interpreting or translating Native languages;
(5) sorting or filing time cards;
(6) stamping or writing tickets;
(7) writing passes;

"factory clerk, qualified," means a factory clerk who has had not less than twelve months' experience;

"factory clerk, unqualified," means a factory clerk who has had less than twelve months' experience;

"fireman" means an employee who stokes, rakes, slices or draws the fire of a boiler and includes an attendant of a non-pressure boiler;

"foreman" means an employee who is in charge of the employees in an establishment, who exercises control over such employees and who is responsible for the efficient performance by them of their duties;

"grade I employee" means an employee who is engaged in any one or more of the following capacities or operations:—

(1) Assembling units or fixing units of concrete articles together;
(2) finishing, coating or colouring—
(i) casts in reconstructed stone;
(ii) ornamental work in pressed concrete articles;
(3) making asbestos-cement pressure pipe fittings including moulding, gauging and turning by hand;
(4) mixing colouring material with cement for roof tiles and feeding into a power-driven colour mixer;
(5) operator of a concrete pipe making machine, other than a power-driven hydraulic vertical pipe making machine;
(6) operator of an electric circular saw or a power-driven guillotine;
(7) operator of a roof tile extrusion machine;
(8) operator of a plastic lining machine;

"grade I employee, qualified," means a grade I employee who has had not less than twelve months' experience;

"grade I employee, unqualified," means a grade I employee who has had less than twelve months' experience;

"grade II employee" means an employee who is engaged in any one or more of the following capacities or operations:—

(1) Applying rough surface facings, by means of a power-driven vibrator, to machine made roof tiles;

„versendingsverpakker" 'n werknemer wat onder die toesig van 'n klerk of 'n voorman artikels vir versending verpak;

„motorvoertuigbestuurder" 'n werknemer wat 'n motorvoertuig bestuur, en vir die toepassing van hierdie woordomskrywing omvat die uitdrukking „'n motorvoertuig bestuur" alle tydperke waarin daar bestuur word en alle tyd wat die bestuurder bestee aan werk in verband met die voertuig of die vrag en alle tydperke waartydens hy verplig is om op sy pos te bly, gereed om te bestuur;

„motorvoertuigbestuurder, klas I," 'n motorvoertuigbestuurder wat die voertuig buite 'n bedryfsinrigting bestuur;

„motorvoertuigbestuurder, klas II," 'n motorvoertuigbestuurder wat die voertuig binne 'n bedryfsinrigting bestuur;

„noodwerk" enige werk wat weens onvoorsiene omstandighede soos brand, storm, ongeluk, epidemie, gewelddaad of diefstal sonder versuim gedoen moet word en enige werk in verband met die laai of aflaai van trokke of voertuie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens of van skepe of met die skoonmaak, opknapping of herstel van installasie of masjinerie wat nie gedurende gewone werkure verrig kan word nie;

„bedryfsinrigting" enige perseel waarin of in verband waarmee een of meer werknemers in die Sementproduktenywerheid in diens is;

„ondervinding" in verband met—

(*a*) 'n klerk, die totale tydperk of tydperke diens wat 'n werknemer as 'n klerk gehad het in enige bedryf of in die diens van die Staat;

(*b*) alle ander klasse werknemers, die totale tydperk of tydperke diens wat 'n werknemer in sy klas gehad het in die Sementproduktenywerheid: met dien verstande dat wanneer 'n werknemer, graad II, of 'n werknemer, graad III, tot werknemer, graad I, of werknemer, graad II, bevorder word, alle diens wat sodanige werknemer in die laer graad by dieselfde werkgewer gehad het, as diens in die hoër graad waartoe hy bevorder is, geag word in dié mate dat sy beginloon in genoemde hoërgraad nie minder moet wees as die loon wat hy in die laer graad ontvang het nie onmiddellik voor hy in die hoër graad in diens geneem is;

„fabrieksklerk" 'n werknemer wat onder die toesig van 'n voorman, 'n gekwalifiseerde klerk of 'n kampongbestuurder een of meer van die volgende pligte verrig:—

(1) Nagaan of meet of tel of aanteken (uitgesonderd deur middel van telmasjiene of weeg (uitgesonderd met 'n gestelde skaal);
(2) tye waarop werknemers by 'n bedryfsinrigting of afdeling van 'n bedryfsinrigting aankom of dit verlaat, nagaan of aanteken;
(3) kleingereedskap of ysterwaregoedere vir gebruik in 'n bedryfsinrigting uitreik;
(4) Naturelletale tolk of vertaal;
(5) tydkaarte sorteer of liasseer;
(6) kaartjies stempel of uitskryf;
(7) passe uitskryf;

„fabrieksklerk, gekwalifiseer," 'n fabrieksklerk met minstens 12 maande ondervinding;

„fabrieksklerk, ongekwalifiseer," 'n fabrieksklerk met minder as 12 maande ondervinding;

„stoker" 'n werknemer wat die vuur in 'n stoomketel stook, uitkrap, met 'n vuurskop bewerk of uithaal, en omvat 'n bediener van 'n druklose stoomketel;

„voorman" 'n werknemer wat aan die hoof is van die werknemers in 'n bedryfsinrigting, wat beheer oor sodanige werknemers uitoefen en wat daarvoor verantwoordelik is dat hulle hul pligte doeltreffend verrig;

„werknemer, graad I," 'n werknemer in diens in een of meer van die volgende hoedanighede of wat een of meer van die volgende werksaamhede verrig:—

(1) Eenhede van betonartikels inmekaarsit of saamvoeg;
(2) (i) afgietsels in fineerklip;
(ii) sierwerk in geperste betonartikels; afwerk, bestryk of kleur;
(3) drukpyptoebehore van asbessement vervaardig, met inbegrip van giet, meet en afdraai met die hand;
(4) kleurstof met sement meng vir dakpanne en 'n kragaangedrewe kleurmenger voer;
(5) bediener van 'n betonpypvervaardigingsmasjien, uitgesonderd 'n kragaangedrewe, hidrouliese, vertikale pypvervaardigingsmasjien;
(6) bediener van 'n elektriese sirkelsaag of 'n kragaangedrewe guillotine;
(7) bediener van 'n dakpanuitpersmasjien;
(8) bediener van 'n plastiekbekledingsmasjien;

„werknemer, graad I, gekwalifiseer," 'n werknemer, graad I, met minstens 12 maande ondervinding;

„werknemer, graad I, ongekwalifiseer," 'n werknemer, graad I, met minder as 12 maande ondervinding;

„werknemer, graad II," 'n werknemer in diens in een of meer van die volgende hoedanighede of wat een of meer van die volgende werksaamhede verrig:—

(1) Voorwerk met 'n ruwe oppervlakte aan masjienvervaardigde dakpanne deur middel van 'n kragaangedrewe triller aanbring;

(2) assembling or dismantling moulds in the manufacture of ornamentals;
(3) assistant operator of a pipe spinning machine;
(4) assisting an inspector is his duties, including working with set gauges under supervision;
(5) caulking on collars by means of a pneumatic rammer;
(6) controlling the addition of water added to a power-driven continuous feed concrete mixer for roof tiles;
(7) controlling the amount of coloured cement facings when sprayed by air operated guns onto concrete roof tiles;
(8) cutting pre-stressed or other wires by means of an acetylene cutting torch;
(9) inserting coloured cement facings in moulds in tile making (other than inserting one colour only);
(10) making bolts for insertion in concrete products;
(11) making crates or boxes;
(12) making roof tiles in a non-power driven press;
(13) making sleeves to receive window sash pins;
(14) making spiral wire plugs;
(15) measuring or bending cut rods for reinforcing;
(16) mixing acid and water for treating roof tiles;
(17) polishing, finishing or slurrying terrazzo or reconstructed stone products by hand;
(18) putting on screw threads on bolts by non-power-driven machine;
(19) watching and controlling the addition of water in sedimentation tanks and signalling when to start or stop the water pump;
(20) watching and controlling the addition of water and asbestos-cement slurry into asbestos-cement production machines;
(21) operator of any one or more of the following power-driven machines—

(*a*) a butt or spot welding machine;
(*b*) a caging drum;
(*c*) a calender machine;
(*d*) a colour mixing machine;
(*e*) an hydraulic vertical pipe making machine;
(*f*) an hydraulic reversing table;
(*g*) a non-portable grinding or sanding machine;
(*h*) a non-portable cutting wheel;
(*i*) a pole tilting machine;
(*j*) a polishing machine;
(*k*) a press in making of blocks, bricks, slabs, tiles or roof tiles;
(*l*) a pre-stressing jack;
(*m*) a reinforcement making machine;
(*n*) a ring or spiral forming machine;
(*o*) a spooling machine;
(*p*) a vibrator table or board;

"grade II employee, qualified," means a grade II employee who has had not less than six months' experience;
"grade II employee, unqualified," means a grade II employee who has had less than six months' experience;
"grade III employee" means an employee who is engaged in any one or more of the following capacities or operations—

(1) assembling or dismantling equipment for the plastic lining of concrete pipes;
(2) assistant operator of an asbestos-cement joint or pipe lathe;
(3) assistant operator of a caging drum;
(4) assistant operator of a calender machine or loosening pipes in calender;
(5) assistant operator of pipe testing machine;
(6) assisting a grade I employee in the manufacture of asbestos-cement pipe fittings;
(7) boiler attendant;
(8) chargehand;
(9) changing wheels or mending punctures;
(10) checking or topping up the fuel, oil or water in motor vehicles;
(11) cutting off wet asbestos-cement sheets from production roller;
(12) despatch packer;
(13) drawing together (other than by welding) protruding ends of reinforcing of poles or filling or padding the ends with concrete;
(14) drilling, cutting or mitring asbestos-cement slates or corrugated sheets to set pattern, including the drilling of stop-ends;
(15) driver of an animal drawn vehicle;
(16) filling moulds for terrazzo;
(17) induna;
(18) making moulded goods, class A;
(19) oiling or greasing power-driven machines or vehicles;
(20) operating a clutch controlling off-take conveyor;
(21) pouring plastic into concrete pipes;
(22) priming inside of concerte pipes prior to plastic lining;
(23) recording mileages of motor vehicles;
(24) regulating of felt of wet machine;
(25) skip employee;
(26) taking off, cleaning or replacing motor vehicle parts for repair, other than the work of an artisan;
(27) taking out, putting on charge or replacing batteries of motor vehicles or topping up such batteries;

(2) vorms by die vervaardiging van sierstukke inmekaarsit of uitmekaarhaal;
(3) assistent-bediener van 'n pypdraaimasjien;
(4) 'n inspekteur in sy pligte bystaan, met inbegrip van die werk met gestelde meters onder toesig;
(5) krae deur middel van 'n druklugstamper aankalfater;
(6) die toevoeging van water beheer wat ingegooi word in 'n kragaangedrewe betonmenger met ononderbroke toevoer vir dakpanne;
(7) die hoeveelheid gekleurde sementbelegsels beheer wanneer dit met lugspuite op betondakpanne gespuit word;
(8) voorafgespanne of ander draad deur middel van 'n asetileenvlamsnyer afsny;
(9) gekleurde sementbelegsels in vorms insit by die maak van teëls (uitgesonderd die insit van slegs een kleur);
(10) boute vir insit in betonprodukte vervaardig;
(11) kratte of kiste vervaardig;
(12) dakpanne in 'n nie-kragaangedrewe pers vervaardig;
(13) hulse vervaardig om vensterraamtappenne in vas te sit;
(14) spiraaldraadproppe vervaardig;
(15) afgesnyde stawe vir wapening meet of buig;
(16) suur en water vir die behandeling van dakpanne meng;
(17) terrasso of fineerklipprodukte met die hand poleer, afwerk of brysmeer;
(18) skroefdraad aan boute met 'n nie-kragaangedrewe masjien aanbring;
(19) die toevoeging van water in sedimentasietenks dophou en beheer en tekens gee vir die aan- of afskakeling van die waterpomp;
(20) die toevoeging van water en asbessementbry in asbessementvervaardigingsmasjiene dophou en beheer;
(21) bediener van een of meer van die volgende kragaangedrewe masjiene:—

(*a*) 'n Stomp- of puntsweismasjien;
(*b*) 'n koutrommel;
(*c*) 'n glansmasjien;
(*d*) 'n kleurmengmasjien;
(*e*) 'n hidrouliese, vertikale pypvervaardigingsmasjien;
(*f*) 'n hidrouliese omkeertafel;
(*g*) 'n nie-draagbare slyp- of skuurmasjien;
(*h*) 'n nie-draagbare snywiel;
(*i*) 'n paalkantelmasjien;
(*j*) 'n poleermasjien;
(*k*) 'n pers by die maak van blokke, stene, betonblaaie, teëls of dakpanne;
(*l*) 'n voorafspanyster;
(*m*) 'n masjien vir die vervaardiging van wapening;
(*n*) 'n ring- of spiraalvormmasjien;
(*o*) 'n spoelmasjien;
(*p*) 'n triltafel of -bord;

„werknemer, graad II, gekwalifiseer," 'n werknemer, graad II, met minstens ses maande ondervinding;
„werknemer, graad II, ongekwalifiseer," 'n werknemer, graad II met minder as ses maande ondervinding;
„werknemer, graad III," 'n werknemer in diens in een of meer van die volgende hoedanighede of wat een of meer van die volgende werksaamhede verrig:—

(1) Uitrusting vir die plastiekbekleding van betonpype inmekaarsit of uitmekaarhaal;
(2) assistent-bediener van 'n asbessementvoeg- of pypdraaibank;
(3) assistent-bediener van 'n koutrommel;
(4) assistent-bediener van 'n glansmasjien of die losmaak van pype in 'n glansmasjien;
(5) assistent-bediener van 'n pyptoetsmasjien;
(6) 'n werknemer, graad I, help met die vervaardiging van asbessementpyptoebehore;
(7) stoomketelbediener;
(8) onderbaas;
(9) wiele omruil of lekke heelmaak;
(10) die brandstof, olie of water in motorvoertuie nagaan of op peil bring;
(11) asbessementplate wat nog nie droog geword het nie van die produksieroller afsny;
(12) versendingsverpakker;
(13) vooruitstekende ente van wapening van pale aanmekaarvoeg (uitgesonderd deur dit te sweis) of die ente met beton opvul of opstop;
(14) asbessementleie of -riffelplate volgens 'n vasgestelde patroon boor, afsny of verstek, met inbegrip van doodloopente boor;
(15) drywer van 'n dierevoertuig;
(16) vorms vir terrasso vul;
(17) indoena;
(18) gevormde goedere klas A vervaardig;
(19) kragaangedrewe masjiene of voertuie olie of smeer;
(20) 'n koppelaarbeheerafneemvoerder bedien;
(21) plastiek in betonpype giet;
(22) die binnekant van betonpype met 'n grondlaag verf voordat dit met plastiek beklee word;
(23) die mylafstande van motorvoertuie aanteken;
(24) vilt van slapbetonmasjien reguleer;
(25) hyserwerknemer;
(26) motorvoertuigonderdele afhaal, skoonmaak of vervang vir herstel, uitgesonderd die werk van 'n ambagsman;
(27) motorvoertuigbatterye uithaal, laai of vervang of gedistilleerde water by sulke batterye byvoeg;

(28) tallyman;
(29) watchman;
(30) operator of any one or more of the following power-driven machines—

(*a*) an automatic vibrator, other than a vibrating table or board;
(*b*) a concrete mixing machine, other than a central concrete mixing plant;
(*c*) a destranding machine;
(*d*) a drilling machine in the plastic lining of pipes;
(*e*) a floor operated crane or hoist;
(*f*) a grass rolling machine;
(*g*) a portable hand tool;
(*h*) a re-pulping asbestos-cement machine;
(*i*) a sand sifting machine;
(*j*) a straightening or stretching machine;

"grade III employee, qualified," means a grade III employee who has had not less than three months' experience;
"grade III employee, unqualified," means a grade III employee who has had less than three months' experience;
"grade IV employee" means an employee who is engaged in any one or more of the following capacities or operations:—

(1) Adding water to unslaked lime;
(2) artisan's assistant;
(3) assembling or dismantling moulds in the manufacture of spun concrete pipes;
(4) bagging putty lime;
(5) blending or mixing asbestos;
(6) cutting off sheets of asbestos-cement mixture (other than from production roller) or rolling such sheets by hand for lifting or carrying;
(7) dipping or coating pipes or other articles, other than in the plastic lining of concrete pipes;
(8) edge cutting or trimming wet guttering or asbestos-cement sheets by hand;
(9) filling hoppers or other containers with asbestos;
(10) fireman;
(11) grinding terrazzo by means of carborundum stone by hand prior to slurrying, polishing or finishing;
(12) loosening asbestos;
(13) making cement blocks by means of a non-power-driven machine;
(14) making moulded goods, class B;
(15) operating or feeding a non-power-driven guillotine;
(16) patching mould parts;
(17) repairing reinforcing;
(18) rubbing window frames for surface smoothing or repairing chippings or straight edging;
(19) sanitation employee;
(20) weighing goods to a set scale;

"handyman" means an employee who is engaged in making minor repairs or adjustments to machinery or equipment, other than machinery or equipment directly used in the manufacture of the products of an establishment, and who may effect minor repairs or renovations to buildings;
"induna" means an employee who assists a compound manager in maintaining order or discipline in a compound;
"inspector" means an employee who is responsible for the acceptance or rejection of the products of an establishment;
"labourer" means an employee who is engaged in any one or more of the following operations:—

(1) Agitating cement by hand for pre-stressed beams;
(2) assembling or dismantling moulds, other than in the manufacture of ornamentals or of spun concrete products;
(3) breaking concrete blocks by means of a hammer;
(4) breaking off edges of sheets;
(5) bundling tile wires;
(6) carrying, moving or stacking goods by hand or pushing or pulling any vehicle otherwise than by power-driven device;
(7) cleaning bags, furniture, machinery, implements, tools, utensils or other articles or premises or vehicles;
(8) cleaning, oiling or polishing mould parts;
(9) cooking rations or making tea or similar beverages;
(10) cutting electric tubing or wire by hand;
(11) cutting down, destroying or removing trees or vegetation;
(12) demolishing buildings or other structures;
(13) delivering letters, messages or goods on foot or by means of a bicycle, tricycle or other non-power-driven vehicle;
(14) depalleting roof tiles by hand;
(15) dipping rusty reinforcements into acid or rubbing in sand to remove the rust;
(16) extracting collars or shoes or extracting mandrels from pipes;
(17) feeding ingredients to a concrete mixer to fixed measure or weight;

(28) telman;
(29) wag;
(30) bediener van enigeen of meer van die volgende krag-aangedrewe masjiene:—

(*a*) 'n Outomatiese triller, uitgesonderd 'n triltafel of -bord;
(*b*) 'n betonmengmasjien, uitgesonderd 'n sentrale betonmenginstallasie;
(*c*) 'n ontvlegmasjien;
(*d*) 'n boormasjien in die plastiekbekleding van pype;
(*e*) 'n hyskraan of hystoestel wat van die vloer bedien word;
(*f*) 'n grasrolmasjien;
(*g*) 'n draagbare handgereedskapstuk;
(*h*) 'n herpulpingsasbessementmasjien;
(7) (*a*) Enige toelaes en koste aan 'n werknemer betaalbaar ingevolge subklousule (5) en (6) moet deur 'n werkgewer binne sewe dae vanaf die werknemer se skriftelike eis daarvoor betaal word: Met dien verstande dat 'n werknemer enige sodanige eise binne een maand vanaf die tydstip waarop dit hom toeval, moet indien, maar dat hy nie meer as een eis in 'n week moet indien nie.

(*b*) 'n Werkgewer kan van sy handelsreisiger vereis om enige eis so op te stel dat dit die volgende weergee:—

(i) Ten opsigte van enige eis kragtens subklousule (5) (*a*), die manier waarop hy gereis het en die vervoerkoste aangegaan of die aard van enige ander koste waarvoor terugbetaling geëis word;

(ii) ten opsigte van enige eis kragtens subklousule (5) (*b*), die mylafstand elke dag gereis, die aandoenplekke en, behalwe in munisipale gebiede, die roete wat gevolg is;

(iii) ten opsigte van enige eis kragtens subklousule (6), die aanvangs- of afplooptye van elke tydperk van afwesigheid;

en ten einde hom in staat te stel om aan so 'n vereiste te voldoen, moet sy werkgewer, voordat enige sodanige reis deur sodanige handelsreisiger onderneem word, hom voorsien van 'n geskikte boek of vorms waarin of waarop geskikte aantekenings gehou kan word.

4. PAYMENT OF REMUNERATION.

(1) *Employees Other than Casual Employees.*—Save as provided in clauses 3 (7) and 6 (4), any amount due to an employee, other than a casual employee, shall be paid in cash weekly or, with the consent of the employee, in cash or by cheque monthly during the hours of work or within 30 minutes of ceasing work on the usual pay day of the establishment for such employee (or in the case of a shift-worker at a time agreed upon between such employee and his employer, which time shall be during the usual office hours of the establishment but not later than 24 hours after the usual pay day) or on termination of employment if this takes place before the usual pay day, and such amount shall be contained in an envelope or container, on which shall be recorded, or which shall be accompanied by a statement showing—

(*a*) the employer's name;
(*b*) the employee's name or pay roll number and occupation;
(*c*) the number of ordinary hours of work worked by the employee;
(*d*) the number of overtime hours worked by the employee;
(*e*) the employee's wage;
(*f*) the details of any other remuneration arising out of the employee's employment;
(*g*) the details of any deductions made;
(*h*) the actual amount paid to the employee; and
(*i*) the period in respect of which payment is made.

(2) *Casual Employee.*—An employer shall pay the remuneration due to a casual employee in cash on termination of his employment.

(3) *Premiums.*—No payment shall be made to or accepted by an employer, either directly or indirectly, in respect of the employment or training of an employee.

(4) *Purchase of Goods.*—An employer shall not require his employee to purchase any goods from him or from any shop, place or person nominated by him.

(5) *Board and Lodging.*—Save as provided in the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, an employer shall not require his employee to board or lodge or board and lodge with him or with any person or at any place nominated by him.

(6) *Deductions.*—An employer shall not levy any fines against his employee nor shall he make any deductions from his employee's remuneration: Provided that he may make the following:—

(*a*) With the written consent of his employee, a deduction for holiday, sick benefit, medical aid, insurance, savings, provident or pension funds, or subscriptions to trade unions or to any institution for the benefit of the employee or to an employee's recreational club, if such club is on the employer's premises;

(*b*) except where otherwise provided in this Determination, whenever an employee is absent from work, other than on the instructions or at the request of his employer, a deduction proportionate to the period of his absence and calculated on the basis of the wage which such employee was receiving in respect of his ordinary hours of work at the time of such absence;

(*c*) a deduction of any amount which an employer by any law or order of any competent court is required or permitted to make;

(*d*) whenever an employee agrees or is required in terms of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, to accept board and lodging or board or lodging with his employer, a deduction not exceeding the amounts specified hereunder—

| | *Per Week.* R | *Per Month.* R |
|---|---|---|
| (i) Board | 0.80 | 3.46½ |
| (ii) Lodging | 0.40 | 1.73 |
| (iii) Board and lodging | 1.20 | 5.20 |

(*e*) whenever the ordinary hours of work prescribed in clause 5 are reduced on account of short-time, a deduction to the amount of the employee's (other than a casual employee's) hourly wage in respect of each hour of such reduction: Provided—

(i) that such deduction shall not exceed one-third of the employee's weekly wage, irrespective of the number of hours by which the ordinary hours of work are thus reduced;

(ii) that no deduction shall be made in the case of short-time arising out of slackness of trade or shortage of raw materials, unless the employer has given his employee notice on the previous work day of his intention to reduce the ordinary hours of work;

(iii) that no deduction shall be made in the case of short-time owing to vagaries of the weather, or a shortage of railway trucks or a general breakdown of plant or machinery or an actual breakdown or threatened breakdown of buildings, in respect of the first hour not worked, unless the employer has given his employee notice on the previous day that no work will be available;

4. BETALING VAN BESOLDIGING.

(1) *Werknemers, uitgesonderd los werknemers.*—Behoudens soos in klousules 3 (7) en 6 (4) bepaal, moet enige bedrag verskuldig aan 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, weekliks in kontant of, met die toestemming van die werknemer, maandeliks in kontant of per tjek betaal word gedurende die werkure of binne dertig minute nadat die werk gestaak word op die gewone betaaldag van die bedryfsinrigting vir sodanige werknemer (of in die geval van 'n skofwerker, op 'n tydstip waaroor sodanige werknemer en sy werkgewer ooreenkom, en hierdie tydstip moet gedurende die gewone kantoorure van die bedryfsinrigting val maar nie later as 24 uur na die gewone betaaldag nie), of by diensbeëindiging indien dit voor die gewone betaaldag geskied, en sodanige bedrag moet in 'n koevert of houer wees waarop die volgende aangeteken moet word of wat vergesel moet gaan van 'n opgaaf wat die volgende aantoon:—

(*a*) Die werkgewer se naam;
(*b*) die werknemer se naam of betaalstaatnommer en werk;
(*c*) die getal gewone werkure deur die werknemer gewerk;
(*d*) die getal oortydure deur die werknemer gewerk;
(*e*) die werknemer se loon;
(*f*) die besonderhede van enige ander besoldiging wat uit die werknemer se diens voortspruit;
(*g*) die besonderhede van enige aftrekkings wat gemaak is;
(*h*) die werklike bedrag aan die werknemer betaal; en
(*i*) die tydperk ten opsigte waarvan betaling gedoen word.

(2) *Los werknemer.*—'n Werkgewer moet die besoldiging aan 'n los werknemer verskuldig in kontant by sy diensbeëindiging betaal.

(3) *Premies.*—Geen betaling moet aan 'n werkgewer gedoen word of deur hom aangeneem word, hetsy regstreeks of onregstreeks, ten opsigte van die indiensneming of opleiding van 'n werknemer nie.

(4) *Koop van goedere.*—'n Werkgewer moet nie van sy werknemer vereis om enige goedere van hom of van enige winkel, plek of persoon deur hom aangewys, te koop nie.

(5) *Etes en huisvesting.*—Behoudens soos in die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, bepaal, moet 'n werkgewer nie van sy werknemer vereis om etes of huisvesting of etes en huisvesting by hom of by enige persoon of by enige plek deur hom aangewys, aan te neem nie.

(6) *Aftrekkings.*—'n Werkgewer moet sy werknemer geen boetes oplê of enige aftrekkings van sy werknemer se besoldiging maak nie: Met dien verstande dat hy die volgende kan maak:—

(*a*) Met die skriftelike toestemming van sy werknemer, 'n aftrekking vir 'n vakansie-, siektebystands-, mediese hulp-, versekerings-, spaar-, voorsorgs- of pensioenfonds of ledegeld aan vakverenigings of aan enige inrigting vir die voordeel van die werknemer of aan 'n ontspanningsklub vir werknemers, indien sodanige klub op die werkgewer se perseel is;

(*b*) behalwe waar anders in hierdie Vasstelling bepaal, wanneer 'n werknemer van die werk afwesig is, uitgesonderd op die bevel of versoek van sy werkgewer, 'n aftrekking in verhouding tot die tydperk van sy afwesigheid en bereken op die basis van die loon wat sodanige werknemer ontvang het ten opsigte van sy gewone werkure ten tyde van sodanige afwesigheid;

(*c*) 'n aftrekking van enige bedrag wat 'n werkgewer by enige wet of bevel van 'n bevoegde hof verplig of toegelaat word om te maak;

(*d*) wanneer 'n werknemer toestem of ingevolge die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, verplig is om etes en huisvesting of etes of huisvesting van sy werkgewer aan te neem, 'n aftrekking wat nie die bedrae hieronder vermeld, te bowe gaan nie:—

| | *Per week.* R | *Per maand.* R |
|---|---|---|
| (i) Etes | 0.80 | 3.46½ |
| (ii) Huisvesting | 0.40 | 1.73 |
| (iii) Etes en huisvesting | 1.20 | 5.20 |

(*e*) wanneer die gewone werkure in klousule 5 voorgeskryf weens korttyd verminder word, 'n aftrekking gelyk aan die bedrag van die werknemer (uitgesonderd 'n los werknemer) se uurloon ten opsigte van elke uur van sodanige vermindering: Met dien verstande—

(i) dat sodanige aftrekking nie een derde van die werknemer se weekloon te bowe gaan nie, ongeag die getal ure waarmee die gewone werkure aldus verminder word;

(ii) dat geen aftrekking gemaak moet word in die geval van korttyd wat ontstaan uit bedryfslapte of 'n tekort aan grondstowwe nie, tensy die werkgewer sy werknemer op die vorige werkdag kennis gegee het van sy voorneme om die gewone werkure te verminder;

(iii) dat geen aftrekking gemaak moet word in die geval van korttyd weens gure weer, of 'n tekort aan spoorwegtrokke of 'n algemene onklaarraking van installasie of masjinerie of 'n werklike onklaarraking of dreigende onklaarraking van geboue, ten opsigte van die eerste uur wat daar nie gewerk is nie, tensy die werkgewer sy werknemer op die vorige dag kennis gegee het dat daar geen werk beskikbaar sal wees nie;

(*f*) a deduction of an amount equal to his daily wage in respect of any public holiday other than New Year's Day, Good Friday, Ascension Day, the Day of the Covenant or Christmas Day, on which the employee at his own request is permitted not to work;

(*g*) with the written consent of an employee, a deduction of any amount which an employer has paid to any municipal council or other local authority in respect of the rent of any house or accommodation in any hostel occupied by such employee in any location or Native village under the control of such council or other local authority.

5. HOURS OF WORK, ORDINARY AND OVERTIME, AND PAYMENT FOR OVERTIME.

(1) *Ordinary Hours of Work.*—An employer shall not require or permit an employee, other than a casual employee, to work more ordinary hours of work than—

(*a*) in the case of an employee who works a six-day week—

(i) forty-six in any week from Monday to Saturday, inclusive; and

(ii) subject to sub-paragraph (i) hereof, eight on any day, unless the hours on one day do not exceed five, in which case the hours on any of the other days may be extended to eight-and-one-half;

(*b*) in the case of an employee who works a five-day week—

(i) forty-six in any week from Monday to Friday or from Tuesday to Saturday, inclusive; and

(ii) subject to sub-paragraph (i) hereof, nine-and-one-quarter on any day.

(2) An employer shall not require or permit a casual employee to work more ordinary hours of work than eight and one-half on any day.

(3) *Meal Intervals.*—An employer shall not require or permit an employee to work continuously for more than—

(*a*) eight hours, in the case of a shift-worker; and
(*b*) five hours, in the case of any other employee;

without a meal interval of not less than one hour during which interval such employee shall not be required or permitted to perform any work, and such interval shall be deemed not to be part of the ordinary hours of work or overtime: Provided—

(i) that an employer may agree with his employee to reduce the period of such meal interval to not less than half-an-hour, and in that event and after the employer has lodged a statement of such agreement with the Divisional Inspector, Department of Labour, for his area, the meal interval may be so reduced;

(ii) that periods of work interrupted by intervals of less than one hour, except when proviso (i) applies, shall be deemed to be continuous;

(iii) that, if such interval be longer than one hour, any period in excess of one-and-one-quarter hours shall be deemed to be time worked;

(iv) that a driver of a motor vehicle, class I, who during such interval does no work other than being or remaining in charge of the vehicle shall be deemed for the purpose of this sub-clause not to have worked during such interval;

(v) that when on any day by reason of overtime work an employer is required to give an employee a second meal interval, such interval may, at the request of the employee, be reduced to fifteen minutes so long as the total period worked by the employee after the first meal interval of the day does not exceed seven hours and such second interval may be deemed not to be part of the ordinary hours of work or overtime.

(4) *Rest Intervals.*—An employer shall grant to each of his employees, other than a driver of a motor vehicle, a part-time driver of a motor vehicle, a labourer accompanying a motor vehicle driver, a mobile hoist operator, a driver of an animal-drawn vehicle or a shift-worker, a rest interval of not less than ten minutes at as nearly as practicable—

(*a*) in the middle of each first work period in a day; and
(*b*) in the middle of each second work period in a day;

and during such interval such employee shall not be required or permitted to perform any work, and such interval shall be deemed to be part of the ordinary hours of work of such employee.

(5) *Hours of Work to be Consecutive.*—Save as provided in sub-clause (3), all hours of work of an employee on any day shall be consecutive.

(6) *Overtime.*—All time worked in excess of the number of ordinary hours of work prescribed in sub-clauses (1) and (2) shall be deemed to be overtime.

(7) *Limitation of Overtime.*—An employer shall not require or permit an employee to work overtime for more than—

(*a*) in the case of a casual employee, two hours on any day;
(*b*) in the case of any other employee, 10 hours in any week.

(*f*) 'n aftrekking van 'n bedrag gelyk aan sy dagloon ten opsigte van enige openbare vakansiedag, uitgesonderd Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartsdag, Geloftedag of Kersdag, waarop die werknemer op sy eie versoek toegelaat word om nie te werk nie;

(*g*) met die skriftelike toestemming van 'n werknemer, 'n aftrekking van enige bedrag wat 'n werkgewer aan 'n munisipale raad of ander plaaslike bestuur betaal het ten opsigte van die huur van 'n huis of akkommodasie in 'n hostel wat sodanige werknemer okkupeer in 'n lokasie of Naturelledorp onder die beheer van sodanige raad of ander plaaslike bestuur.

5. WERKURE, GEWONE EN OORTYD-, EN BETALING VIR OORTYDWERK.

(1) *Gewone werkure.*—'n Werkgewer moet nie van 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, vereis of hom toelaat om meer gewone werkure as die volgende te werk nie:—

(*a*) In die geval van 'n werknemer wat 'n sesdagweek werk;

(i) Ses-en-veertig in 'n week van Maandag tot en met Saterdag; en

(ii) behoudens subparagraaf (i) hiervan, agt op 'n dag, tensy die ure op een dag nie vyf te bowe gaan nie, wanneer die ure op enigeen van die ander dae tot agt en 'n half verleng kan word;

(*b*) in die geval van 'n werknemer wat 'n vyfdagweek werk—

(i) Ses-en-veertig in 'n week van Maandag tot en met Vrydag of van Dinsdag tot en met Saterdag; en

(ii) behoudens subparagraaf (i) hiervan, nege en 'n kwart op 'n dag.

(2) 'n Werkgewer moet nie van 'n los werknemer vereis of hom toelaat om meer gewone werkure as agt en 'n half op 'n dag te werk nie.

(3) *Etenspouses.*—'n Werkgewer moet nie van 'n werknemer vereis of hom toelaat om ononderbroke te werk vir langer as—

(*a*) agt uur, in die geval van 'n skofwerker; en
(*b*) vyf uur, in die geval van alle ander werknemers;

sonder 'n etenspouse van minstens een uur nie, waartydens van sodanige werknemer nie vereis kan word of hy nie toegelaat moet word om enige werk te verrig nie, en dit moet geag word dat sodanige pouse nie deel van die gewone of oortydwerkure uitmaak nie: Met dien verstande—

(i) dat 'n werkgewer met sy werknemer kan ooreenkom om die tydsduur van sodanige etenspouse tot minstens 'n half-uur te verkort, en in dié geval en nadat die werkgewer 'n verklaring van sodanige ooreenkoms by die Afdelingsinspekteur, Departement van Arbeid, vir sy gebied ingedien het, kan die etenspouse aldus verkort word;

(ii) dat werktydperke onderbreek deur pouses van korter as een uur, behalwe wanneer voorbehoudsbepaling (i) van toepassing is, as ononderbroke geag moet word;

(iii) dat indien sodanige pouse langer as een uur is, enige tydperk van langer as een en 'n kwart uur as tyd gewerk geag moet word;

(iv) dat vir die toepassing van hierdie subklousule daar geag word dat 'n motorvoertuigbestuurder, klas I, wat gedurende so 'n pouse geen werk verrig, uitgesonderd om in beheer van die voertuig te wees of te bly nie, nie gedurende sodanige pouse gewerk het nie;

(v) dat wanneer 'n werkgewer op enige dag weens oortydwerk verplig is om aan 'n werknemer 'n tweede etenspouse toe te staan, sodanige pouse op die versoek van die werknemer tot 15 minute verkort kan word solank as die totale tydperk deur die werknemer na die eerste etenspouse van die dag gewerk, nie sewe uur te bowe gaan nie, en dit kan geag word dat sodanige tweede pouse nie deel van die gewone of oortydwerkure uitmaak nie.

(4) *Ruspouses.*—'n Werkgewer moet aan elkeen van sy werknemers, uitgesonderd 'n motorvoertuigbestuurder, 'n deeltydse motorvoertuigbestuurder, 'n arbeider wat 'n motorvoertuigbestuurder vergesel, 'n bediener van 'n mobiele hystoestel, 'n drywer van 'n dierevoertuig of 'n skofwerker, 'n ruspouse van minstens 10 minute toestaan, so na as doenlik—

(*a*) aan die middel van elke eerste werktydperk in 'n dag; en
(*b*) aan die middel van elke tweede werktydperk in 'n dag;

en gedurende sodanige pouse moet van sodanige werknemer nie vereis of hy nie toegelaat word om enige werk te verrig nie, en dit moet geag word dat sodanige pouse deel van die gewone werkure van sodanige werknemer uitmaak.

(5) *Werkure moet opeenvolgend wees.*—Behoudens soos in subklousule (3) bepaal, moet alle werkure van 'n werknemer op enige dag opeenvolgend wees.

(6) *Oortyd.*—Alle tyd wat daar langer gewerk word as die getal gewone werkure in subklousule (1) en (2) voorgeskryf, moet as oortyd geag word.

(7) *Beperking van oortydwerk.*—'n Werkgewer moet nie van 'n werknemer vereis of hom toelaat om oortyd vir langer as die volgende te werk nie:—

(*a*) in die geval van 'n los werknemer, twee uur op 'n dag;
(*b*) in die geval van alle ander werknemers, 10 uur in 'n week.

(8) *Female Employees.*—Notwithstanding anything to the contrary contained in this clause, an employer shall not require or permit a female employee to work—

(*a*) between 6 o'clock p.m. and 6 o'clock a.m.;

(*b*) after 1 o'clock p.m. on more than five days a week;

(*c*) overtime for more than two hours on any day, except that an employee who works a five-day week may work up to four hours overtime on a Saturday;

(*d*) overtime on more than three consecutive days in any week;

(*e*) overtime on more than 60 days in any year;

(*f*) overtime after completion of her ordinary hours of work for more than one hour on any day unless he has—

(i) before midday given notice thereof to such employee; or

(ii) provided such employee with an adequate meal and allowed her sufficient time to have it before she has to commence overtime; or

(iii) paid such employee not less than 25 cents in sufficient time to enable her to obtain and have a meal before overtime is due to commence.

(9) *Payment for Overtime.*—An employer shall pay an employee who works overtime at a rate of not less than—

(*a*) in the case of a casual employee, one-and-one-third times his daily wage divided by eight-and-one-half in respect of each hour or part of an hour so worked on any day;

(*b*) in the case of any other employee, one and one-third times his hourly wage in respect of each hour or part of an hour in the aggregate of the overtime worked on any days in any week.

(10) *Savings.*—(*a*) The provisions of this clause shall not apply to a compound manager, an assistant compound manager, a first-aid or sick-bay attendant, an induna, a traveller, a traveller's assistant or a watchman or to an employee who is wholly or mainly employed in a compound kitchen.

(*b*) The provisions of this clause shall not apply to a foreman or to a senior managerial, professional or administrative employee or to a sub-manager if and for so long as such an employee is in receipt of regular remuneration at a rate of not less than R130 per month.

(*c*) The provisions of sub-clauses (3), (4), (5) and (7) shall not apply to an employee while he is engaged on emergency work.

6. ANNUAL LEAVE.

(1) Subject to the provisions of sub-clause (2), an employer shall grant to his employee, other than a casual employee, in respect of each completed period of twelve months of employment with him—

(*a*) in the case of a traveller or traveller's assistant or a watchman who works a seven-day week, 21 consecutive calendar days' leave;

(*b*) in the case of every other employee, 14 consecutive calendar days' leave;

and shall pay such employee in respect of such leave—

(i) in the case of an employee referred to in paragraph (*a*), an amount of not less than three times the weekly wage to which he is entitled as from the first day of the leave;

(ii) in the case of an employee referred to in paragraph (*b*), an amount of not less than double the weekly wage to which he is entitled as from the first day of the leave:

Provided that for the purpose of this clause the weekly wage of a traveller who is employed on commission work shall be calculated by dividing the remuneration payable to him by virtue of his agreement in accordance with clause 9 (7) in respect of the three months immediately preceding the date of the accrual of his leave by 13 or if he has had less than three months of such employment, by dividing the total remuneration so payable to him during his period of such employment by the number of completed weeks in such period: Provided further that for the purpose of this clause the weekly wage of any employee who is engaged on piece-work shall be calculated on the basis set out in section *twenty* (5) of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941.

(2) The leave prescribed in sub-clause (1) shall be granted at a time to be fixed by the employer: Provided—

(i) that, if such leave has not been granted earlier, it shall, save as provided in sub-clause (3), be granted so as to commence within four months after the completion of the 12 months of employment to which it relates or, if the employer and employee have agreed thereto, in writing, before the expiration of the said period of four months, the employer shall grant such leave to the employee as from a date not later than two months after the expiration of the said period of four months;

(ii) that the period of leave shall not be concurrent with sick leave granted in terms of clause 7 nor, unless the employee so requests and the employer agrees, in writing, with any period of military training;

(8) *Vroulike werknemers.*—Ondanks enige andersluidende bepalings in hierdie klousule vervat, moet 'n werkgewer nie van 'n vroulike werknemer vereis of haar toelaat om—

(*a*) tussen 6-uur nm. en 6-uur vm. te werk nie;

(*b*) na 1-uur nm. op meer as vyf dae in 'n week te werk nie;

(*c*) oortyd vir langer as twee uur op 'n dag te werk nie, uitgesonderd dat 'n werknemer wat 'n vyfdagweek werk, tot vier uur oortyd op 'n Saterdag kan werk;

(*d*) oortyd op meer as drie opeenvolgende dae in 'n week te werk nie;

(*e*) oortyd op meer as sestig dae in 'n jaar te werk nie;

(*f*) oortyd na die voltooiing van haar gewone werkure vir langer as een uur op 'n dag te werk nie, tensy hy—

(i) sodanige werknemer voor die middag daarvan in kennis gestel het; of

(ii) 'n voldoende ete aan sodanige werknemer verskaf het en haar genoegsaam tyd toegestaan het om dit te nuttig voordat sy met oortydwerk moet begin; of

(iii) sodanige werknemer betyds minstens 25 sent betaal het ten einde haar in staat te stel om 'n ete te verkry en te nuttig voordat oortydwerk 'n aanvang neem.

(9) *Betaling vir oortydwerk.*—'n Werkgewer moet 'n werknemer wat oortyd werk 'n loon van minstens die volgende betaal:—

(*a*) In die geval van 'n los werknemer, een en 'n derde maal sy dagloon gedeel deur agt en 'n half ten opsigte van elke uur of gedeelte van 'n uur aldus op enige dag gewerk;

(*b*) in die geval van enige ander werknemer, een en 'n derde maal sy uurloon ten opsigte van altesaam elke uur of gedeelte van 'n uur van die oortyd op enige dae in 'n week gewerk.

(10) *Voorbehoudsbepalings.*—(*a*) Die bepalings van hierdie klousule is nie op 'n kampongbestuurder, 'n assistent-kampongbestuurder, 'n noodhulp- of siekeboegbediende, 'n indoena, 'n handelsreisiger, 'n handelsreisiger se hulp of 'n wag of op enige werknemer wat uitsluitlik of hoofsaaklik in 'n kampongkombuis in diens is, van toepassing nie.

(*b*) Die bepalings van hierdie klousule is nie op 'n voorman of op 'n senior bestuurs-, professionele of administratiewe werknemer of op 'n onderbestuurder van toepassing indien en solank as sodanige werknemer 'n gereelde besoldiging van minstens R130 per maand ontvang nie.

(*c*) Die bepalings van subklousule (3), (4), (5) en (7) is nie op 'n werknemer van toepassing terwyl hy noodwerk verrig nie.

6. JAARLIKSE VERLOF.

(1) Behoudens die bepalings van subklousule (2) moet 'n werkgewer aan sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, ten opsigte van elke voltooide tydperk van 12 maande diens by hom verlof soos volg, toestaan:—

(*a*) In die geval van 'n handelsreisiger of handelsreisiger se hulp of 'n wag wat 'n sewedagweek werk, 21 opeenvolgende kalenderdae verlof;

(*b*) in die geval van alle ander werknemers, 14 opeenvolgende kalenderdae verlof;

en moet sodanige werknemer ten opsigte van sodanige verlof soos volg betaal:—

(i) In die geval van 'n werknemer in paragraaf (*a*) vermeld, 'n bedrag van minstens drie maal die weekloon waarop hy geregtig is vanaf die eerste dag van die verlof;

(ii) in die geval van 'n werknemer in paragraaf (*b*) vermeld, 'n bedrag van minstens dubbel die weekloon waarop hy geregtig is vanaf die eerste dag van die verlof:

Met dien verstande dat vir die toepassing van hierdie klousule die weekloon van 'n handelsreisiger wat kommissiewerk verrig, bereken moet word deur die besoldiging aan hom betaalbaar ingevolge sy ooreenkoms ooreenkomstig klousule 9 (7) ten opsigte van die drie maande onmiddellik voor die datum waarop sy verlof hom toeval deur 13 te deel, of as hy minder as drie maande van sodanige diens gehad het, deur die totale besoldiging aldus aan hom betaalbaar gedurende sy tydperk van sodanige diens deur die getal voltooide weke in sodanige tydperk te deel: Voorts met dien verstande dat vir die toepassing van hierdie klousule die weekloon van 'n werknemer wat stukwerk verrig, bereken moet word op die basis in artikel *twintig* (5) van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, uiteengesit.

(2) Die verlof in subklousule (1) voorgeskryf, moet toegestaan word op 'n tydstip wat die werkgewer moet vasstel: Met dien verstande—

(i) dat indien sodanige verlof nie vroeër toegestaan is nie, dit, behoudens soos in subklousule (3) bepaal, toegestaan moet word sodat dit binne vier maande na die voltooiing van die 12 maande diens waarop dit betrekking het, 'n aanvang neem of, indien die werkgewer en werknemer skriftelik daaroor ooreengekom het voor die afloop van genoemde tydperk van vier maande, moet die werkgewer sodanige verlof vanaf 'n datum nie later nie as twee maande na die afloop van genoemde tydperk van vier maande aan die werknemer toestaan;

(ii) dat die verloftydperk nie saamval met siekteverlof toegestaan ingevolge klousule 7 nie of, tensy die werknemer aldus versoek en die werkgewer skriftelik toestem, met enige tydperk van militêre opleiding nie;

(iii) that if New Year's Day, Good Friday, Ascension Day, the Day of the Covenant or Christmas Day falls within the period of such leave, another work day shall, for each such holiday, be added to the said period as a further period of leave and the employee shall be paid an amount of not less than his daily wage in respect of each such day added;

(iv) that an employer may set off against such period of leave any days of occasional leave granted on full pay to his employee at his employee's written request during the period of 12 months of employment to which the period of leave relates.

(3) (*a*) At the written request of an employee, an employer may permit the leave to accumulate over a period of not more than 24 months of employment: Provided—

(i) that such request is made by such employee not later than four months after the expiry of the first period of 12 months of employment to which the leave relates; and

(ii) that the date of the receipt of such request is endorsed on the request over his signature by the employer, who shall retain such request for a period of not less than three years from such date or the date of the expiry of the first period of 12 months of employment to which the leave relates, whichever is the later.

(*b*) The provisions of sub-clause (2) shall *mutatis mutandis* apply to the leave referred to in this sub-clause.

(4) The remuneration in respect of the leave prescribed in sub-clause (1), read with sub-clause (3), shall be paid not later than the last work day before the date of commencement of the leave.

(5) An employee, whose contract of employment is terminated during any period of 12 months of employment before the period of leave prescribed in sub-clause (1) in respect of that period has accrued, shall, upon such termination, and in addition to any other remuneration which may be due to him, be paid in respect of each completed month of such period of employment an amount of not less than—

(*a*) in the case of an employee referred to in paragraph (*a*) of sub-clause (1), one-fourth; and

(*b*) in the case of an employee referred to in paragraph (*b*) of sub-clause (1), one-sixth,

of the weekly wage he was receiving immediately before the date of such termination: Provided that an employer may make a proportionate deduction in respect of any period of leave granted to an employee in terms of the fourth proviso to sub-clause (2) and provided further that an employee—

(i) who leaves his employment without having given and served the period of notice prescribed in clause 12, unless the employer has waived such notice; or

(ii) who leaves his employment without cause recognised by law as sufficient; or

(iii) who is dismissed by his employer without notice for any cause recognised by law as sufficient for such dismissal without notice,

shall not be entitled to any payment by virtue of this sub-clause.

(6) An employee who has become entitled to a period of leave prescribed in sub-clause (1), read with sub-clause (3), and whose contract of employment terminates before such leave has been granted, shall upon such termination be paid the amount he would have received in respect of the leave, had the leave been granted to him as at the date of the termination.

(7) For the purpose of this clause the expression "employment" shall be deemed to include any period in respect of which an employer, in terms of clause 12, pays an employee in lieu of notice and also any period or periods during which an employee is absent—

(*a*) on leave in terms of this clause;

(*b*) on sick leave in terms of clause 7;

(*c*) on the instructions or at the request of his employer;

(*d*) undergoing any military training,

amounting in the aggregate in any year to not more than ten weeks in respect of items (*a*), (*b*) and (*c*), plus up to three months of any period of military training undergone in that year, and employment shall be deemed to commence—

(i) in the case of an employee who had before the coming into force of this Determination become entitled to a period of annual leave in terms of any law, on the date on which such employee last became entitled to such leave under such law;

(ii) in the case of an employee who was in employment before the coming into force of this Determination and to whom any law providing for annual leave applied but who had not become entitled to a period of annual leave in terms thereof, on the date on which such employment commenced;

(iii) in the case of any other employee, from the date on which such employee entered his employer's service or on the date of the coming into force of this Determination, whichever is the later.

(iii) dat indien Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartsdag, Geloftedag of Kersdag binne die tydperk van sodanige verlof val, nog 'n werkdag vir elke sodanige vakansiedag by genoemde tydperk bygetel moet word as 'n verdere verloftydperk en die werknemer moet 'n bedrag van minstens sy dagloon ten opsigte van elke sodanige dag wat bygetel is, betaal word;

(iv) dat 'n werkgewer enige dae geleentheidsverlof met volle besoldiging aan sy werknemer toegestaan op sy werknemer se skriftelike versoek gedurende die tydperk van 12 maande diens waarop die verloftydperk betrekking het, van sodanige verloftydperk kan aftrek.

(3) (a) Op die skriftelike versoek van 'n werknemer, kan 'n werkgewer toelaat dat die verlof oor 'n tydperk van hoogstens 24 maande diens oploop: Met dien verstande—

(i) dat so 'n versoek nie later nie as vier maande na die afloop van die eerste tydperk van 12 maande diens waarop die verlof betrekking het, deur sodanige werknemer gerig word; en

(ii) dat die werkgewer die datum waarop sodanige versoek ontvang is, op die versoek oor sy handtekening endosseer, en hy moet sodanige versoek hou vir 'n tydperk van minstens drie jaar vanaf sodanige datum of die afloopdatum van die eerste tydperk van 12 maande diens waarop die verlof betrekking het, na gelang van die jongste.

(*b*) Die bepalings van subklousule (2) is *mutatis mutandis* van toepassing op die verlof in hierdie subklousule vermeld.

(4) Die besoldiging ten opsigte van die verlof voorgeskryf in subklousule (1), gelees met subklousule (3), moet voor of op die laaste werkdag voor die aanvangsdatum van die verlof betaal word.

(5) 'n Werknemer wie se dienskontrak beëindig word gedurende enige tydperk van 12 maande diens voor die verloftydperk voorgeskryf in subklousule (1) ten opsigte van dié tydperk, hom toegeval het, moet by sodanige beëindiging en bo en behalwe enige ander besoldiging wat aan hom verskuldig mag wees, ten opsigte van elke voltooide maand van sodanige dienstydperk 'n bedrag betaal word van minstens die volgende:—

(*a*) In die geval van 'n werknemer in paragraaf (*a*) van subklousule (1) vermeld, een kwart; en

(*b*) in die geval van 'n werknemer in paragraaf (*b*) van subklousule (1) vermeld, een-sesde;

van die weekloon wat hy onmiddellik voor die datum van sodanige beëindiging ontvang het: Met dien verstande dat 'n werkgewer 'n eweredige aftrekking ten opsigte van enige verloftydperk aan 'n werknemer ingevolge die vierde voorbehoudsbepaling van subklousule (2) toegestaan, kan maak en voorts met dien verstande dat 'n werknemer—

(i) wat sy diens verlaat sonder dat hy die tydperk wat in klousule 12 voorgeskryf word, kennis gegee het en dit uitgedien het, tensy die werkgewer van sodanige kennisgewing afgesien het; of

(ii) wat sy diens sonder regsgeldige rede verlaat; of

(iii) wat deur sy werkgewer sonder kennisgewing ontslaan word om 'n rede wat regsgeldig is vir sodanige ontslag sonder kennisgewing;

nie op enige betaling kragtens hierdie subklousule geregtig is nie.

(6) 'n Werknemer wat op 'n verloftydperk voorgeskryf in subklousule (1), gelees met subklousule (3), geregtig geword het en wie se dienskontrak eindig voor sodanige verlof toegestaan is, moet by sodanige beëindiging die bedrag betaal word wat hy ten opsigte van die verlof sou ontvang het as die verlof op die datum van die beëindiging toegestaan was.

(7) Vir die toepassing van hierdie klousule word dit geag dat die uitdrukking „diens" enige tydperk omvat ten opsigte waarvan 'n werkgewer 'n werknemer ingevolge klousule 12 betaal in plaas van kennisgewing en ook enige tydperk of tydperke wat 'n werknemer afwesig is—

(*a*) met verlof kragtens hierdie klousule;

(*b*) met siekteverlof kragtens klousule 7;

(*c*) op die bevel of op versoek van sy werkgewer;

(*d*) terwyl hy enige militêre opleiding ondergaan;

wat altesaam hoogstens tien weke ten opsigte van items (*a*), (*b*) en (*c*) in 'n jaar bedra, plus tot drie maande van enige tydperk van militêre opleiding in dié jaar ondergaan, en dit moet geag word dat diens soos volg begin:—

(i) In die geval van 'n werknemer wat voor die inwerkingtreding van hierdie Vasstelling op 'n tydperk van jaarlikse verlof geregtig geword het ingevolge enige wet, op die datum waarop sodanige werknemer laaste op sodanige verlof ingevolge sodanige wet geregtig geword het;

(ii) in die geval van 'n werknemer wat in diens was voor die inwerkingtreding van hierdie Vasstelling en op wie 'n wet wat vir jaarlikse verlof voorsiening maak, van toepassing was maar wat nie dienooreenkomstig op 'n tydperk van jaarlikse verlof geregtig geword het nie, op die datum waarop sodanige diens begin het;

(iii) in die geval van enige ander werknemer, vanaf die datum waarop sodanige werknemer by sy werkgewer in diens getree het of op die datum van die inwerkingtreding van hierdie Vasstelling, na gelang van die jongste.

(8) (*a*) Notwithstanding anything to the contrary contained in this clause, an employer may for the purpose of annual leave at any time, but not more than once in any period of twelve months, close his establishment for 14 consecutive calendar days plus any additional days that may have to be added by virtue of the third proviso to sub-clause (2).

(*b*) An employee who at the date of the closing of an establishment in terms of paragraph (*a*) is not entitled to the full period of annual leave prescribed in sub-clause (1) (*b*) shall in respect of any leave due to him be paid by his employer on the basis set out in sub-clause (5), and for the purpose of annual leave thereafter his employment shall be deemed to commence on the date of such closing of the establishment.

7. SICK LEAVE.

(1) Subject to the provisions of sub-clause (2), an employer shall grant to his employee, other than a casual employee, who is absent from work through incapacity—

(*a*) in the case of an employee who works a five-day week, not less than 20 work days'; and

(*b*) in the case of any other employee, not less than 24 work days;

sick leave in the aggregate during each cycle of 24 consecutive months of employment with him, and shall pay such employee in respect of any period of absence in terms of this sub-clause, not less than the wage he would have receive had he worked during such period: Provided—

(i) that in the first 24 consecutive months of employment an employee shall not be entitled to sick leave on full pay at a rate of more than, in the case of an employee who works a five-day week, one work day in respect of each completed period of five weeks of employment and, in the case of any other employee, one work day in respect of each completed month of employment;

(ii) that this clause shall not apply to an employee at whose written request an employer makes contributions, at least equal to those made by the employee, to any fund or organisation nominated by the employee, which fund or organisation guarantees to the employee in the event of his incapacity in the circumstances set out in this clause the payment to him of not less than in the aggregate the equivalent of his wage for 20 or 24 work days, as the case may be, in each cycle of 24 months of employment, except that during the first 24 months of the payment of contributions by the employee the guaranteed rate need not exceed the rate of accrual set out in the first proviso to this sub-clause;

(iii) that where an employer is by any law required to pay fees for hospital or medical treatment in respect of an employee, and pays such fees, the amount so paid may be set off against the payment due in respect of absence owing to incapacity in terms of this clause;

(iv) that, if in respect of any period of incapacity covered by this clause an employer is required by any other law to pay to an employee his full wages, the provisions of this clause shall not apply.

(2) An employer may, as a condition precedent to the payment by him of any amount claimed in terms of this clause by an employee in respect of any absence from work for a period covering more than three consecutive calendar days, require the employee to produce a certificate signed by a medical practitioner confirming the nature and duration of the employee's incapacity: Provided that when an employee has during any period of eight consecutive weeks claimed payment in terms of this clause on two or more occasions for period of three consecutive calendar days or less without producing such a certificate, his employer may during the next succeeding eight weeks, as a condition precedent to the payment by him of any amount claimed by such employee in terms of this clause, require the employee to produce such a certificate irrespective of the duration of such absence.

(3) Where, during the first cycle of 24 months of employment with the same employer, an employee is absent owing to incapacity for a period in excess of any sick leave accrued at the time of such incapacity, he shall be entitled to be paid only in respect of such leave as has so accrued; but his employer shall, if he has not previously done so, at the expiry of the said cycle of employment or on termination of employment before such expiry pay him in respect of such excess period of absence owing to incapacity to the extent to which sick leave, accrued at such expiry or termination, had not been taken.

(4) For the purpose of this clause the expression—

(*a*) "employment" shall be deemed to include any period or periods during which an employee is absent—

(i) on leave in terms of clause 6;

(ii) on the instructions or at the request of his employer;

(iii) on sick leave in terms of sub-clause (1);

(iv) undergoing military training;

(8) (*a*) Ondanks enige andersluidende bepalings in hierdie klousule vervat, kan 'n werkgewer vir die doel van jaarlikse verlof te eniger tyd, maar hoogstens een maal in 'n tydperk van 12 maande, sy bedryfsinrigting vir 14 opeenvolgende kalenderdae sluit plus enige addisionele dae wat bygetel moet word ingevolge die derde voorbehoudsbepaling van subklousule (2).

(*b*) 'n Werknemer wat op die datum waarop 'n bedryfsinrigting ingevolge paragraaf (*a*) sluit nie op die volle tydperk van jaarlikse verlof voorgeskryf in subklousule (1) (*b*) geregtig is nie, moet ten opsigte van enige verlof aan hom verskuldig, deur sy werkgewer betaal word op die basis in subklousule (5) uiteengesit, en vir die doel van jaarlikse verlof daarna moet dit geag word dat sy diens op die datum van sodanige sluiting van die bedryfsinrigting begin.

7. SIEKTEVERLOF.

(1) Behoudens die bepalings van subklousule (2) moet 'n werkgewer aan sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, wat weens ongeskiktheid van sy werk afwesig is—

(*a*) in die geval van 'n werknemer wat 'n vyfdagweek werk, altesaam minstens 20 werkdae; en

(*b*) in die geval van enige ander werknemer, altesaam minstens 24 werkdae;

siekteverlof toestaan gedurende elke tydkring van 24 opeenvolgende maande diens by hom, en moet sodanige werknemer ten opsigte van enige tydperk van afwesigheid kragtens hierdie subklousule minstens die loon betaal wat hy sou ontvang het as hy gedurende sodanige tydperk gewerk het: Met dien verstande—

(i) dat 'n werknemer in die eerste 24 opeenvolgende maande diens geregtig is op siekteverlof met volle besoldiging van hoogstens, in die geval van 'n werknemer wat 'n vyfdagweek werk, een werkdag ten opsigte van elke voltooide tydperk van vyf weke diens en, in die geval van alle ander werknemers, een werkdag ten opsigte van elke voltooide maand diens;

(ii) dat hierdie klousule nie van toepassing is nie op 'n werknemer op wie se skriftelike versoek 'n werkgewer bydraes maak, minstens gelyk aan dié deur die werknemer gemaak, tot enige fonds of organisasie deur die werknemer aangewys, naamlik dié fonds of organisasie wat aan die werknemer in die geval van sy ongeskiktheid in die omstandighede in hierdie klousule uiteengesit die betaling waarborg van altesaam minstens die ekwivalent van sy loon vir 20 of 24 werkdae, na gelang van die geval, in elke tydkring van 24 maande diens, uitgesonderd dat gedurende die eerste 24 maande van die betaling van bydraes deur die werknemer die gewaarborgde besoldiging nie verby die aanwassyfer van verlof, soos in die eerste voorbehoudsbepaling van hierdie subklousule uiteengesit hoef te strek nie;

(iii) dat waar van 'n werkgewer by enige wet vereis word om gelde vir hospitaal- of mediese behandeling ten opsigte van 'n werknemer te betaal en hy sodanige gelde betaal, die bedrag aldus betaal, afgetrek kan word van die betaling wat verskuldig is ten opsigte van afwesigheid weens ongeskiktheid kragtens hierdie klousule;

(iv) dat, indien van 'n werkgewer by enige ander wet vereis word om ten opsigte van enige tydperk van ongeskiktheid deur hierdie klousule gedek, aan 'n werknemer sy volle loon te betaal, die bepalings van hierdie klousule nie van toepassing is nie.

(2) 'n Werkgewer kan, as 'n voorafgestelde voorwaarde vir die betaling deur hom van enige bedrag ingevolge hierdie klousule deur 'n werknemer geëis ten opsigte van enige afwesigheid van die werk vir 'n tydperk wat oor meer as drie opeenvolgende kalenderdae strek, van die werknemer vereis om 'n sertifikaat deur 'n mediese praktisyn onderteken, in te dien, wat die aard en duur van die werknemer se ongeskiktheid bevestig: Met dien verstande dat wanneer 'n werknemer gedurende enige tydperk van agt opeenvolgende weke by twee of meer geleenthede betaling ingevolge hierdie klousule geëis het vir 'n tydperk van drie opeenvolgende kalenderdae of minder sonder om so 'n sertifikaat in te dien, sy werkgewer gedurende die eersvolgende agt weke, as 'n voorafgestelde voorwaarde vir die betaling deur hom van enige bedrag deur sodanige werknemer ingevolge hierdie klousule geëis, van die werknemer kan vereis om so 'n sertifikaat in te dien, ongeag die duur van sodanige afwesigheid.

(3) Waar 'n werknemer gedurende die eerste tydkring van 24 maande diens by dieselfde werkgewer vir 'n tydperk van langer as enige siekteverlof opgeloop ten tyde van sodanige ongeskiktheid, weens ongeskiktheid afwesig is, is hy geregtig op betaling slegs ten opsigte van sodanige verlof wat aldus opgeloop het: Maar sy werkgewer moet hom, indien hy dit nie reeds gedoen het nie, by die afloop van genoemde dienstydkring of by diensbeëindiging voor sodanige afloop, ten opsigte van sodanige langer tydperk van afwesigheid weens ongeskiktheid betaal in dié mate waarin siekteverlof wat by sodanige afloop of beëindiging opgeloop het, nie geneem is nie.

(4) Vir die toepassing van hierdie klousule word dit geag dat die uitdrukking—

(*a*) „diens" enige tydperk of tydperke omvat wat 'n werknemer afwesig is—

(i) met verlof kragtens klousule 6;

(ii) op die bevel of versoek van sy werkgewer;

(iii) met siekteverlof kragtens subklousule (1);

(iv) terwyl hy militêre opleiding ondergaan;

amounting in the aggregate in any year to not more than 10 weeks in respect of items (i), (ii) and (iii), plus up to three months of any period of military training undergone in that year, and any period of employment which an employee has had with the same employer immediately before the date of the coming into operation of this Determination, shall for the purpose of this clause be deemed to be employment under this Determination, and any sick leave on full pay granted to such an employee during such period shall be deemed to have been granted under this Determination;

(*b*) "incapacity" means inability to work owing to any sickness or injury other than that caused by an employee's own misconduct: Provided that any inability to work caused by an accident for which compensation is payable under the Workmen's Compensation Act, 1941, shall be deemed to be incapacity only in respect of any period of in ability to work for which no disablement payment is payable in terms of that Act.

8. Public Holidays and Sundays.

(1) Subject to the provisions of clause 4 (6), if an employee does not work on New Year's Day, Good Friday, Ascension Day, the Day of the Covenant or Christmas Day, his employer shall pay him for the week in which such day falls, not less than his weekly wage.

(2) Whenever an employee works on New Year's Day, Good Friday, Ascension Day, the Day of the Covenant or Christmas Day, his employer shall, save as provided in clause 4 (6), pay him for the week in which such day falls not less than his weekly wage, plus his hourly wage for each hour or part of an hour worked by the employee in the aggregate on such day: Provided that where such an employee is required or permitted to work for less than four hours on such day, he shall be deemed to have worked for four hours.

(3) *Compensation for Work on a Sunday.*—Whenever an employee works on a Sunday, his employer shall either—

(*a*) pay to the employee—

(i) if he so works for a period not exceeding four hours, not less than his daily wage; or

(ii) if he so works for a period exceeding four hours, not less than double his hourly wage for each hour or part of an hour in respect of the total period worked by him on such Sunday or not less than double his daily wage, whichever is the greater; or

(*b*) pay him one and one-third times his hourly wage for each hour or part of an hour worked by him in the aggregate on such Sunday, and grant him within 14 days of such Sunday one day's leave and pay him in respect thereof not less than his daily wage: Provided that where such an employee is required or permitted to work for less than four hours on such Sunday, he shall be deemed to have worked for four hours.

(4) This clause shall not apply to a casual employee, a traveller, a traveller's assistant or a watchman.

9. Piece-work and Commission Work.

(1) An employer may, after at least one week's notice to his employee, other than a traveller, introduce any piece-work system and, save as provided in clause 4 (6), the employer shall pay such employee, who is employed on such piece-work system, remuneration at the rates applicable under such system: Provided that, irrespective of the quantity of work done, the employer shall pay such employee not less than—

(*a*) in the case of an employee other than a casual employee, in respect of each week in which piece-work is performed, the amount which he would have been required to pay such employee for that week had he been remunerated on the basis of time worked;

(*b*) in the case of a casual employee, in respect of each day on which piece-work is performed the amount which he would have been required to pay such employee for that day had he been remunerated on the bases of time worked.

(2) An employer shall keep posted up in a conspicuous place in his establishment a schedule of the rates referred to in subclause (1).

(3) An employer who intends to cancel or amend any piece-work system in operation or the rates applicable thereunder shall give his employee employed on such system not less than one month's notice of such intention: Provided that an employer and his employee may agree on a longer period of notice, in which case the employer shall give not less than the period of notice agreed upon.

(4) Notwithstanding anything to the contrary in this clause, an employer need not give a casual employee notice of his intention to introduce any piece-work system or to cancel or amend it.

wat altesaam hoogstens 10 weke in 'n jaar bedra ten opsigte van items (i), (ii) en (iii), plus tot drie maande van enige tydperk van militêre opleiding in dié jaar ondergaan, en enige tydperk van diens wat 'n werknemer onmiddellik voor die inwerkingtredingsdatum van hierdie Vasstelling by dieselfde werkgewer gehad het, moet vir die toepassing van hierdie klousule as diens kragtens hierdie Vasstelling geag word, en enige siekteverlof met volle besoldiging aan sodanige werknemer gedurende sodanige tydperk toegestaan, moet geag word as kragtens hierdie Vasstelling toegestaan;

(*b*) „ongeskiktheid" beteken die onvermoë om te werk weens enige siekte of besering, uitgesonderd dié wat deur 'n werknemer se eie wangedrag veroorsaak is: Met dien verstande dat enige onvermoë om te werk wat veroorsaak is deur 'n ongeluk waarvoor skadeloosstelling ingevolge die Ongevallewet, 1941, betaalbaar is, slegs ten opsigte van enige tydperk van onvermoë om te werk waarvoor geen ongeskiktheidsbetaling ingevolge dié Wet betaalbaar is nie, as ongeskiktheid geag moet word.

8. Openbare vakansiedae en Sondae.

(1) Behoudens die bepalings van klousule 4 (6) moet 'n werkgewer aan sy werknemer, as hy nie op Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartsdag, Geloftedag of Kersdag werk nie, vir die week waarin sodanige dag val minstens sy weekloon betaal.

(2) Wanneer 'n werknemer op Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartsdag, Geloftedag of Kersdag werk, moet sy werkgewer hom, behoudens soos in klousule 4 (6) bepaal, vir die week waarin sodanige dag val minstens sy weekloon betaal, plus sy uurloon vir elke uur of gedeelte van 'n uur wat die werknemer altesaam op sodanige dag werk: Met dien verstande dat waar van so 'n werknemer vereis word of hy toegelaat word om vir minder as vier uur op sodanige dag te werk, dit geag moet word dat hy vier uur gewerk het.

(3) *Besoldiging vir werk op 'n Sondag.*—Wanneer 'n werknemer op 'n Sondag werk, moet sy werkgewer òf—

(*a*) aan die werknemer—

(i) indien hy vir 'n tydperk van hoogstens vier uur aldus werk, minstens sy dagloon betaal; òf

(ii) indien hy vir 'n tydperk van langer as vier uur, aldus werk, minstens dubbel sy uurloon betaal vir elke uur of gedeelte van 'n uur ten opsigte van die totale tydperk wat hy op sodanige Sondag werk of minstens dubbel sy dagloon, na gelang van die grootste; òf

(*b*) hom een en 'n derde maal sy uurloon betaal vir elke uur of gedeelte van 'n uur wat hy altesaam op sodanige Sondag werk, en hom binne 14 dae vanaf sodanige Sondag een dag verlof toestaan en hom ten opsigte daarvan minstens sy dagloon betaal: Met dien verstande dat waar van sodanige werknemer vereis word of hy toegelaat word om vir minder as vier uur op sodanige Sondag te werk, daar geag word dat hy vier uur gewerk het.

(4) Hierdie klousule is nie op 'n los werknemer, 'n handelsreisiger, 'n handelsreisiger se hulp of 'n wag van toepassing nie.

9. Stukwerk en kommissiewerk.

(1) 'n Werkgewer kan, na minstens een week kennisgewing aan sy werknemer, uitgesonderd 'n handelsreisiger, enige stukwerkstelsel instel en, behoudens soos in klousule 4 (6) bepaal, moet die werkgewer sodanige werknemer wat volgens sodanige stukwerkstelsel werk, die besoldiging betaal wat ingevolge sodanige stelsel van toepassing is: Met dien verstande dat die werkgewer, ongeag die hoeveelheid werk wat verrig is, sodanige werknemer minstens die volgende moet betaal:—

(*a*) In die geval van 'n werknemer uitgesonderd 'n los werknemer, ten opsigte van elke week waarin stukwerk verrig word, die bedrag wat hy aan sodanige werknemer vir dié week sou moes betaal het as hy op die basis van tyd gewerk, besoldig sou gewees het;

(*b*) in die geval van 'n los werknemer, ten opsigte van elke dag waarop stukwerk verrig word, die bedrag wat hy aan sodanige werknemer sou moes betaal het vir dié dag as hy op die basis van tyd gewerk, besoldig sou gewees het.

(2) 'n Werkgewer moet 'n lys van die lone in subklousule (1) vermeld in 'n opvallende plek in sy bedryfsinrigting opgeplak hou.

(3) 'n Werkgewer wat voornemens is om enige bestaande stukwerkstelsel of die lone dienooreenkomstig van toepassing, in te trek of te wysig, moet sy werknemer wat volgens sodanige stelsel werk minstens een maand kennis gee van sodanige voorneme: Met dien verstande dat 'n werkgewer en sy werknemer oor 'n langer tydperk van kennisgewing kan ooreenkom, wanneer die werkgewer minstens die tydperk waaroor ooreengekom is, daarvan kennis moet gee.

(4) Ondanks enige andersluidende bepalings in hierdie klousule, hoef 'n werkgewer nie 'n los werknemer kennis te gee van sy voorneme om enige stukwerkstelsel in te stel of dit in te trek of te wysig nie.

(5) A traveller who by agreement with his employer undertakes commission work shall be supplied by his employer, before such work is commenced, with a true copy of the agreement or a statement setting out the terms of the agreement, which shall include—

(*a*) the weekly or monthly wage payable to the traveller, where such wage is higher than that prescribed in clause 3 (1) for such traveller, and the rate or rates of the commission and the conditions of entitlement thereto;

(*b*) the day of the week or month on which commission earned is due and payable;

(*c*) the area in which the traveller is required or permitted to work;

(*d*) the type, description, number, quantity or value of orders (individual, weekly, monthly or otherwise) which the employer is from time to time prepared to accept; and

(*e*) the day of payment of commission in respect of orders accepted by the employer before termination of the contract of employment: Provided that such day of payment shall be not later than the last work day of the calendar month succeeding the month during which employment was terminated.

(6) The terms of the agreement referred to in sub-clause (5) shall be financially not less favourable to the traveller than this Determination: Provided that the due date of payment of remuneration to a traveller on commission work shall be in accordance with the agreement and in this respect the provisions of clause 4 (1) shall not apply to such payment.

(7) Save as provided in clause 4 (6), an employer shall pay to his traveller who is employed on commission work remuneration at not less than the rate agreed upon between them: Provided that, irrespective of the number or value of orders accepted by the employer, the remuneration of such traveller in respect of any period shall be not less than that which would be due to him for that period in terms of clause 3 (1).

(8) An employer or a traveller, who intends to cancel, or to negotiate for an alteration of, an agreement in regard to commission work, shall give written notice of such intention and the period of such notice shall be not less than that required to terminate the contract of employment of such traveller in terms of clause 12.

10. Time Work System.

Nothing in this Determination shall be so construed as to preclude an employer from agreeing with his employee that the employee may go off duty upon the completion by him of an allotted task within the daily ordinary hours of work prescribed for such employee.

11. Uniforms, Overalls and Protective Clothing.

An employer shall supply and maintain in serviceable condition, free of charge, any uniform, overall, gumboots or other protective clothing which he requires his employee to wear or which by any law or regulation he is compelled to provide for his employee and any such uniform, overall, gumboots or other protective clothing shall remain the property of the employer.

12. Termination of Contract of Employment.

(1) An employer or his employee, other a casual employee, who desires to terminate the contract of employment, shall give—

(*a*) during the first four weeks of employment, not less than one work day's notice;

(*b*) after the first four weeks of employment, not less than one week's notice,

of termination of contract, or an employer or employee may terminate the contract without notice by paying the employee or paying or forfeiting to the employer, as the case may be, in lieu of such notice not less than—

(i) in the case of 24 hours' notice, the daily wage which the employee is receiving at the time of such termination;

(ii) in the case of a week's notice, the weekly wage which the employee is receiving at the time of such termination:

Provided that this shall not affect—

(i) the right of an employer or an employee to terminate the contract without notice for any cause recognised by law as sufficient;

(ii) any written agreement between an employer and his employee which provides for a period of notice of equal duration on both sides and for longer than that prescribed in this clause;

(iii) the operation of any forfeitures or penalties which by law may be applicable in respect of an employee who deserts:

Provided further that where the wage of an employee at the date of terminaton has been reduced by deductions in respect of short-time, the expression "is receiving at the time of such termination" shall, when an employer pays an employee in lieu of notice, be deemed to mean "would have received at the time of such termination if no deductions had been made in respect of short-time".

(5) 'n Handelsreisiger wat met sy werkgewer ooreenkom om kommissiewerk te onderneem, moet, voordat daar met sodanige werk begin word, deur sy werkgewer voorsien word van 'n ware afskrif van die ooreenkoms of 'n staat wat die bepalings van die ooreenkoms uiteensit, wat die volgende moet omvat:—

(*a*) Die week- of maandloon aan die handelsreisiger betaalbaar, waar sodanige loon hoër is as dié in klousule 3 (1) vir sodanige handelsreisiger voorgeskryf, en wat die kommissie bedra en die voorwaardes waarop hy daartoe geregtig word;

(*b*) die dag van die week of maand waarop kommissie wat verdien is, verskuldig en betaalbaar is;

(*c*) die gebied waarin die handelsreisiger moet of toegelaat word om te werk;

(*d*) die tipe, soort, getal, hoeveelheid of waarde van bestellings (enkel, weekliks, maandeliks of andersins) wat die werkgewer van tyd tot tyd bereid is om aan te neem; en

(*e*) die dag waarop kommissie ten opsigte van bestellings deur die werkgewer aangeneem voor beëindiging van die dienskontrak, betaal word: Met dien verstande dat sodanige betaaldag voor of op die laaste werkdag van die kalendermaand moet wees wat volg op die maand waartydens diens beëindig is.

(6) Die bepalings van die ooreenkoms in subklousule (5) vermeld, moet finansieel nie minder gunstig vir die handelsreisiger wees as hierdie Vasstelling nie: Met dien verstande dat die datum waarop besoldiging aan 'n handelsreisiger wat kommissiewerk verrig, betaal word in ooreenstemming met die ooreenkoms moet wees, en in hierdie opsig is die bepalings van klousule 4 (1) nie op sodanige betaling van toepassing nie.

(7) Behoudens soos in klousule 4 (6) bepaal, moet 'n werkgewer sy handelsreisiger wat kommissiewerk verrig minstens die besoldiging betaal waaroor hulle ooreengekom het: Met dien verstande dat, ongeag die getal of waarde van bestellings deur die werkgewer aangeneem, die besoldiging van sodanige handelsreisiger ten opsigte van enige tydperk nie minder moet wees as dié wat ingevolge klousule 3 (1) aan hom vir dié tydperk verskuldig sou wees nie.

(8) 'n Werkgewer of 'n handelsreisiger wat voornemens is om 'n ooreenkoms met betrekking tot kommissiewerk in te trek of te onderhandel oor 'n wysiging daarvan, moet skriftelik kennis gee van sodanige voorneme en die tydperk van sodanige kennisgewing moet nie korter wees as dié wat vereis word om die dienskontrak van sodanige handelsreisiger kragtens klousule 12 te beëindig nie.

10. Tydwerkstelsel.

Niks in hierdie Vasstelling moet so uitgelê word nie dat dit 'n werkgewer belet om met sy werknemer ooreen te kom dat die werknemer van diens af kan gaan nadat hy 'n aangewese taak binne die gewone daaglikse werkure vir sodanige werknemer voorgeskryf, voltooi het.

11. Uniforms, oorpakke en beskermde klere.

'n Werkgewer moet enige uniform, oorpak, oorskoene of ander beskermende klere wat hy van sy werknemer vereis om te dra of wat hy by enige wet of regulasie verplig is om aan sy werknemer te verskaf, kosteloos verskaf en in diensbare toestand hou, en enige sodanige uniform, oorpak, oorskoene of ander beskermende klere bly die eiendom van die werkgewer.

12. Beëindiging van dienskontrak.

(1) 'n Werkgewer of sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, wat die dienskontrak wil beëindig, moet—

(*a*) gedurende die eerste vier weke diens, minstens een werkdag kennis gee;

(*b*) na die eerste vier weke diens, minstens een week kennis gee;

van die beëindiging van die kontrak of 'n werkgewer of werknemer kan die kontrak sonder kennisgewing beëindig deur, in plaas van sodanige kennisgewing, minstens die volgende aan die werknemer te betaal of aan die werkgewer te betaal of te verbeur, na gelang van die geval—

(i) in die geval van 24 uur kennisgewing, die dagloon wat die werknemer ten tyde van sodanige beëindiging ontvang;

(ii) in die geval van 'n week kennisgewing, die weekloon wat die werknemer ten tyde van sodanige beëindiging ontvang:

Met dien verstande dat dit nie die volgende moet raak nie:—

(i) Die reg van 'n werkgewer of 'n werknemer om die kontrak sonder kennisgewing te beëindig om enige regsgeldige rede;

(ii) enige skriftelike ooreenkoms tussen 'n werkgewer en sy werknemer wat voorsiening maak vir 'n tydperk van kennisgewing van gelyke duur aan albei kante en vir langer as dié wat in hierdie klousule voorgeskryf word;

(iii) die inwerkingtreding van enige verbeurings of boetes wat by wet ten opsigte van 'n werknemer wat dros van toepassing mag wees:

Voorts met dien verstande dat waar die loon van 'n werknemer ten tyde van die beëindiging verminder is deur aftrekkings ten opsigte van korttyd, die uitdrukking „ontvang ten tyde van sodanige beëindiging", wanneer 'n werkgewer 'n werknemer in plaas van kennisgewing betaal, geag moet word om „sou ontvang het ten tyde van sodanige beëindiging indien geen aftrekkings ten opsigte van korttyd gemaak is nie" te beteken.

(2) Where there is an agreement in terms of the second proviso to sub-clause (1), the payment or forfeiture in lieu of notice shall correspond to the period of notice agreed upon.

(3) The notice prescribed in sub-clause (1) shall take effect from the day on which it is given: Provided—

(i) that the period of notice shall not run concurrently with, nor shall notice be given during, an employee's absence on leave granted in terms of clause 6 or any period of military training;

(ii) that notice shall not be given during an employee's absence on sick leave granted in terms of clause 7.

13. CERTIFICATE OF SERVICE.

An employer shall upon termination of the contract of employment, other than through the desertion of an employee, furnish his employee, other than a casual employee, with a certificate of service, substantially in the form prescribed in the Schedule to this Determination, showing the full names of the employer and his employee, the occupation of the employee, the date of commencement and the date of termination of the contract and the employee's weekly wage at the date of such termination.

14. PROHIBITION OF EMPLOYMENT.

An employer shall not employ any person under the age of fifteen years.

15. RATIO.

(1) An employer shall not employ an unqualified female clerk or an unqualified male clerk unless he has in his employ a qualified female clerk or a qualified male clerk, respectively, and for every qualified female clerk in his employ he shall not employ more than two unqualified female clerks and for every qualified male clerk in his employ he shall not employ more than one unqualified male clerk.

(2) For the purpose of this clause an unqualified female clerk or an unqualified male clerk who is receiving a wage of not less than that prescribed in clause 3 (1) for a qualified female clerk or a qualified male clerk, respectively, may be deemed to be a qualified female clerk or a qualified male clerk, as the case may be.

SCHEDULE.

I/We (*a*).....carrying on trade in the Cement Products Industry at.....
.....
.....
hereby certify that.....
was employed by me/us (*a*) from the.....day of.....19.....to the.....day of .....19.....in the occupation of (*b*).....
..... At the termination of employment his/her (*a*) wage was.....rand.....cents per week.

.....
(Signature of Employer or Authorised Representative.)

Date.....

(*a*) Delete whichever inapplicable.
(*b*) State occupation in which employee was wholly or mainly engaged, e.g., clerk, labourer, crane driver.

W. F. J. STEENKAMP, *Chairman.*
P. R. VIVIERS, *Member.*
A. JUYN, *Additional Member.*

J. T. LLEWELLYN, *Secretary.*
Pretoria, 26th August, 1961.

No. 1019.] [17 November 1961.

UNEMPLOYMENT INSURANCE ACT, 1946.

MAGISTERIAL DISTRICT OF GRAAFF-REINET.

The Minister of Labour proposes to publish a notice in terms of sub-section (5) of section *two* of the Unemployment Insurance Act, 1946, declaring that, with effect from the 1st April, 1962, Government Notice No. 1369 of the 8th June, 1951, is withdrawn.

The purport of such proposed notice is that all persons falling within the definition of "contributor" in section *two* of the said Act who are employed in the Magisterial District of Graaff-Reinet will, from the 1st April, 1962, be regarded as contributors.

(2) Waar daar 'n ooreenkoms ingevolge die tweede voorbehoudsbepaling van subklousule (1) bestaan, moet die betaling of verbeuring in plaas van kennisgewing met die tydperk van kennisgewing waaroor ooreengekom is, ooreenstem.

(3) Die kennis wat gegee moet word, voorgeskryf in subklousule (1), is van krag vanaf die dag waarop dit gegee word: Met dien verstande—

(i) dat die tydperk van kennisgewing nie moet saamval met of dat kennis nie gegee word nie gedurende 'n werknemer se afwesigheid met verlof, toegestaan ingevolge klousule 6, of enige tydperk van militêre opleiding;

(ii) dat kennis nie gedurende 'n werknemer se afwesigheid met siekteverlof, toegestaan kragtens klousule 7, gegee moet word nie.

13. DIENSSERTIFIKAAT.

'n Werkgewer moet by die beëindiging van die dienskontrak, uitgesonderd deur die dros van 'n werknemer, aan sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, 'n dienssertifikaat verskaf wesenlik in die vorm voorgeskryf in die Bylae van hierdie Vasstelling, wat die volle naam van die werkgewer en sy werknemer aantoon, die beroep van die werknemer, die datum waarop die kontrak 'n aanvang geneem het en die datum waarop dit beëindig is en die werknemer se weekloon ten tyde van sodanige beëindiging.

14. VERBOD OP INDIENSNEMING.

'n Werkgewer moet geen persoon onder die ouderdom van 15 jaar in diens te neem nie.

15. GETALSVERHOUDING.

(1) 'n Werkgewer moet nie 'n ongekwalifiseerde vroulike klerk of 'n ongekwalifiseerde manlike klerk in diens neem nie tensy hy onderskeidelik 'n gekwalifiseerde vroulike klerk of 'n gekwalifiseerde manlike klerk in diens het, en vir elke gekwalifiseerde vroulike klerk in sy diens moet hy hoogstens twee ongekwalifiseerde vroulike klerke en vir elke gekwalifiseerde manlike klerk in sy diens moet hy hoogstens een ongekwalifiseerde manlike klerk in diens neem.

(2) Vir die toepassing van hierdie klousule kan 'n ongekwalifiseerde vroulike klerk of 'n ongekwalifiseerde manlike klerk wat 'n loon ontvang van minstens dié in klousule 3 (1) vir onderskeidelik 'n gekwalifiseerde vroulike klerk of 'n gekwalifiseerde manlike klerk voorgeskryf, as 'n gekwalifiseerde vroulike klerk of 'n gekwalifiseerde manlike klerk, na gelang van die geval, geag word.

BYLAE.

Ek/Ons (*a*).....wat die Sementprodukteny werheid uitoefen te.....
.....
.....
sertifiseer hierby dat.....
in my/ons (*a*) diens was vanaf die.....dag van ..... 19..... tot die.....
dag van..... 19..... in die beroep van (*b*).....
..... By diensbeëindiging van sy/haar (*a*) loon.....rand.....sent per week.

.....
(Handtekening van werkgewer of gemagtigde verteenwoordiger.)

Datum.....

(*a*) Skrap wat nie van toepassing is nie.
(*b*) Vermeld beroep waarin werknemer uitsluitlik of hoofsaaklik in diens was, bv. klerk, arbeider, hyskraandrywer.

W. F. J. STEENKAMP, *Voorsitter.*
P. R. VIVIERS, *Lid.*
A. JUYN, *Addisionele Lid.*

J. T. LLEWELLYN, *Sekretaris.*
Pretoria, 26 Augustus 1961.

No. 1019.] [17 November 1961.

WERKLOOSHEIDVERSEKERINGSWET, 1946.

LANDDROSDISTRIK GRAAFF-REINET.

Die Minister van Arbeid is voornemens om 'n kennisgewing kragtens subartikel (5) van artikel *twee* van die Werkloosheidversekeringswet, 1946, te publiseer waarin verklaar word dat Goewermentskennisgewing No. 1369 van 8 Junie 1951 met ingang van 1 April 1962 ingetrek word.

Die strekking van die voorgestelde kennisgewing is dat alle persone wat in die woordbepaling van „bydraer" in artikel *twee* van genoemde Wet omvat word en wat in die landdrosdistrik Graaff-Reinet in diens is, vanaf 1 April 1962 as bydraers beskou sal word.

Interested persons who have any objections to such proposed notice should submit such objections, in writing, to the Secretary for Labour, P.O. Box 1851, Pretoria, not later than 27th December, 1961.

No. 1026.] [17 November 1961.

WAGE ACT, No. 5 OF 1957.

WAGE DETERMINATION No. 217.—BRUSH AND BROOM MANUFACTURING INDUSTRY—UNION OF SOUTH AFRICA.

The following corrections to Government Notice No. 757 of the 19th May, 1961, are published:—

*In the Afrikaans Version. Clause* 3 (1) (*b*).

Delete the word "dien" where it appears in the second line and substitute therefor the word "diens".

*In the English Version. Clause* 2 (1) (xxxix).

Delete the word "of" where it appears for the last time in the definition of "Part-time driver of a motor vehicle" and substitute therefor the word "or".

*Clause* 6 (1) (i).

Insert the word "is" between the words "he" and "entitled", where they appear in the last line.

*Clause* 6 (2) (iii).

Insert the word "his" between the words "than" and "daily", where they appear in the second last line.

No. 1027.] [17 November 1961.

APPRENTICESHIP ACT, 1944, AS AMENDED.

APPRENTICESHIP COMMITTEE FOR THE JEWELLERS' AND GOLDSMITHS' INDUSTRY, CAPE TOWN.

DESIGNATION OF TRADES AND PRESCRIPTION OF CONDITIONS.

On behalf of the Minister of Labour, I, MARAIS VILJOEN, Deputy-Minister of Labour, acting in pursuance of the provisions of section *sixteen* of the Apprenticeship Act, 1944, as amended hereby—

(i) designated the undermentioned trades for the Jewellers' and Goldsmiths' Industry and the area for which the Jewellers' and Goldsmiths' Apprenticeship Committee, Cape Town, was established, by Government Notice No. 1717 of the 21st November, 1958, as trades to which the provisions of the Act shall apply;

(ii) prescribe the undermentioned conditions as conditions of apprenticeship in respect of all trades designated in the Industry and area for which the said Apprenticeship Committee was established:—

DESIGNATED TRADES.

1. Diamond and Jewel Setting (excluding Marcasite Setting).
2. Engraving.
3. Precious Metal Working and Mounting (including Diamond Mounting but excluding Marcasite Working).

CONDITIONS.

1. QUALIFICATIONS FOR COMMENCING APPRENTICESHIP.

Except in cases where exemption is granted by the Minister, the minimum age and educational qualifications for commencing apprenticeship shall be 16 years and the Standard VII Certificate.

Belanghebbendes wat beswaar teen die voorgestelde kennisgewing het, moet hul besware voor of op 27 Desember 1961 skriftelik by die Sekretaris van Arbeid, Posbus 1851, Pretoria, indien.

No. 1026.] [17 November 1961.

LOONWET, No. 5 VAN 1957.

LOONVASSTELLING No. 217.—BORSEL- EN BESEMNYWERHEID—UNIE VAN SUID-ARIKA.

Onderstaande verbeterings aan Goewermentskennisgewing No. 757 van 19 Mei 1961, word bekendgemaak:—

*In die Afrikaanse teks. Klousule* 3 (1) (*b*).

Skrap die woord „dien" waar dit in die tweede reël verskyn en vervang dit deur die woord „diens".

*In die Engelse teks. Klousule* 2 (1) (xxxix).

Skrap die woord „of" waar dit vir die laaste maal verskyn in die woordomskrywing „Part-time driver of a motor vehicle" en vervang dit deur die woord „or".

*Klousule* 6 (1) (i).

Voeg die woord „is" in tussen die woorde „he" en „entitled" waar dit in die laaste reël verskyn.

*Klousule* 6 (2) (iii).

Voeg die woord „his" in tussen die woorde „than" en „daily" waar dit in die tweede laaste reël verskyn.

No. 1027.] [17 November 1961.

WET OP VAKLEERLINGE, 1944, SOOS GEWYSIG.

VAKLEERLINGKOMITEE VIR DIE JUWELIERS- EN GOUDSMIDNYWERHEID, KAAPSTAD.

AANWYSING VAN AMBAGTE EN VOORSKRYWING VAN LEERVOORWAARDES.

Ek, MARAIS VILJOEN, Adjunk-minister van Arbeid, handelende namens die Minister van Arbeid en kragtens die bepalings van artikel *sestien* van die Wet op Vakleerlinge, 1944, soos gewysig—

(i) wys hierby onderstaande ambagte aan in die Juweliers- en Goudsmidnywerheid en in die gebied waarvoor die Vakleerlingkomitee vir die Juweliers- en Goudsmidnywerheid, Kaapstad, ingestel is by Goewermentskennisgewing No. 1717 van 21 November 1958, as ambagte waarop die bepalings van die Wet van toepassing is;

(ii) skryf hierby onderstaande leervoorwaardes voor ten opsigte van alle aangewese ambagte in die nywerheid en gebied waarvoor voornoemde vakleerlingkomitee ingestel is:—

AANGEWESE AMBAGTE.

1. Set van diamante en juwele (uitgesonderd set van markasiet).
2. Graveer.
3. Bewerking van edelmetale en montering (met inbegrip van die set van diamante maar uitgesonderd die set van markasiet).

VOORWAARDES.

1. KWALIFIKASIES VIR DIE AANGAAN VAN VAKLEERLINGSKAP.

Uitgesonderd in gevalle waar vrystelling deur die Minister verleen word, is die minimum ouderdoms- en ondewyskwalifikasie 16 jaar en die standerd VII-sertifikaat.

2. PERIOD OF TRAINING.

Except where a reduction in the period is approved by the Minister the period shall be four years in the trades "Diamond and Jewel Setting (excluding Marcasite setting)" and "Engraving"; and five years in the trade "Precious Metal Working and Mounting (including Diamond Mounting but excluding Marcasite working)"; provided that the period shall be reduced by the period shown in sub-clause (*a*) opposite that certificate attained by the prospective apprentice which will afford him the highest period of remission, and by the period shown in sub-clause (*b*) in respect of workshop practice.

(*a*) *Certificates.*

| | |
|---|---|
| National Standard VII Certificate (Technical) | 3 months. |
| National Technical Certificate, Part I ... ... ... | 5 months. |
| National Trade School Certificate ... ... ... ... | 6 months. |
| National Junior Certificate (Technical) ... ... | 7 months. |
| National Technical Certificate, Part II ... ... | 8 months. |
| National Intermediate Certificate (Technology) | 9 months. |
| National Technical Certificate, Part III ... ... | 10 months. |
| National Senior Certificate (Technology) or National Senior Certificate (Matriculation Exemption) ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 12 months. |
| Std. IX or equivalent certificate with mathematics as a passed subject ... ... ... | 6 months. |
| Matriculation or equivalent certificate with mathematics as a passed subject ... ... ... | 9 months. |

(*b*) *Workshop Practice.*

(i) *In Allied or Related Trades.*—Remission of one month in respect of every 120 hours of practical training related to the trade in which the prospective apprentice is to be indentured, received at a recognised technical institution; provided that the variation in consequence hereof shall not have the effect of reducing the period of apprenticeship by a period exceeding 12 months.

(ii) *In Semi-related Trades.*—Remission of one month in respect of every 240 hours of practical training related to the trade in which the prospective apprentice is to be indentured, received at a recognised technical institution; provided that the variation in consequence hereof shall not have the effect of reducing the period of apprenticeship by a period exceeding 12 months.

3. RATES OF WAGES.

Wages at the following rates shall be payable weekly to apprentices during the years of apprenticeship as specified:—

| | R c |
|---|---|
| (*a*) *In Four-year Trades.* | |
| First year ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 4 50 per week. |
| Second year ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 6 00 per week. |
| Third year ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 8 00 per week. |
| Fourth year ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 12 00 per week. |
| (*b*) *In Five-year Trade.* | |
| First year ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 4 50 per week. |
| Second year ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 5 40 per week. |
| Third year ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 6 30 per week. |
| Fourth year ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 9 00 per week. |
| Fifth year ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 12 00 per week. |

PRACTICAL COURSES OF TRAINING.

Every employer who employs an apprentice in a designated trade shall give the apprentice such practical training as is indicated in the table appended opposite the trade in which the apprentice is indentured.

An apprentice must as far as practicable work under regular supervision of an artisan qualified to train him in the trade in which the apprentice is indentured.

2. LEERTYD.

Uitgesonderd in gevalle waar 'n verkorting van die leertyd deur die Minister goedgekeur word, is die leertyd vier jaar vir die ambagte „Set van diamante en juwele (uitgesonderd set van markasiet)" en „graveer" en vyf jaar vir die ambag „Bewerking van eledmetale en montering (met inbegrip van die set van diamante maar uitgesonderd die set van markasiet)"; met dien verstande dat die leertyd verkort word met die tydperk in subklousule (*a*) hiervan aangedui teenoor dié sertifikaat deur die voornemende vakleerling verwerf wat hom die langste vrystellingstyd sou gee en met die tydperk ten opsigte van werkwinkelpraktyk in subklousule (*b*) aangedui.

(*a*) *Sertifikate.*

| | |
|---|---|
| Nasionale Standerd VII-sertifikaat (Tegnies) | 3 maande. |
| Nasionale Tegniese Sertifikaat, deel I ... ... | 5 maande. |
| Nasionale Ambagskoolsertifikaat ... ... ... ... | 6 maande. |
| Nasionale Junior Sertifikaat (Tegnies) ... ... | 7 maande. |
| Nasionale Tegniese Sertifikaat, deel II ... ... | 8 maande. |
| Nasionale Intermediêre Sertifikaat (Tegnologie) ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 9 maande. |
| Nasionale Tegniese Sertifikaat, deel III ... ... | 10 maande. |
| Nasionale Senior Sertifikaat (Tegnologie) of Nasionale Senior Sertifikaat (Vrystelling van Matriek) ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 12 maande. |
| Standerd IX- of gelykwaardige sertifikaat met wiskunde as een van die vakke waarin geslaag is ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 6 maande. |
| Matrikulasie- of gelywaardige sertifikaat met wiskunde as een van die vakke waarin geslaag is ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 9 maande. |

(*b*) *Werkwinkelpraktyk.*

(i) *Verwante ambagte.*—'n Korting van een maand ten opsigte van elke 120 uur praktiese opleiding wat betrekking het op die ambag waarvoor die voornemende vakleerling ingeboek gaan word en wat hy aan 'n erkende tegniese inrigting ontvang het; met dien stande dat die verandering ten gevolge hiervan nie meebring dat die leertyd met meer as 12 maande verminder word nie.

(ii) *Halfverwante ambagte.*—'n Korting van een maand ten opsigte van elke 240 uur praktiese opleiding wat betrekking het op die ambag waarvoor die voornemende vakleerling ingeboek gaan word en wat hy aan 'n erkende tegniese inrigting ontvang het; met dien verstande dat die verandering ten gevolge hiervan nie meebring dat die tydperk met meer as 12 maande verminder word nie.

3. LOONSKALE.

Lone teen die volgende skale is weekliks aan vakleerlinge betaalbaar gedurende die leerjare soos gespesifiseer:—

| | R c |
|---|---|
| (*a*) *Vierjaarambagte.* | |
| Eerste jaar ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 4 50 per week. |
| Tweede jaar ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 6 00 per week. |
| Derde jaar ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 8 00 per week. |
| Vierde jaar ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 12 00 per week. |
| (*b*) *Vyfjaarambag.* | |
| Eerste jaar ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 4 50 per week. |
| Tweede jaar ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 5 40 per week. |
| Derde jaar ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 6 30 per week. |
| Vierde jaar ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 9 00 per week. |
| Vyfde jaar ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 12 00 per week. |

PRAKTIESE OPLEIDINGSKURSUSSE.

Elke werkgewer wat 'n vakleerling in 'n aangewese ambag in diens het, moet die vakleerling die praktiese opleiding gee soos aangedui in die tabel hieronder teenoor die ambag waarvoor hy ingeboek is.

Vir sover doenlik moet die vakleerling werk onder gereelde toesig van 'n ambagsman wat gekwalifiseer is om hom op te lei in die ambag waarvoor hy ingeboek is.

| Trade. | |
|---|---|
| Diamond and Jewel Setting (excluding Marcasite Setting) | *First year.*—The names of scorpers, their use and how to maintain them; the holding of tools by doing elementary cutting up in metal; the making of drills (pearl drills, spade drills, etc.); the sticking up to work on cement sticks; the working on metal with graver; the adjustment of round stones tightly in settings.<br>The making of metal bars, the drilling of bars to take stones; the adjustment of stones, the raising and cleaning of grains; the use of the flat scorper.<br>*Second year.*—The making of grain tools; the adjusting of small stone in articles of jewellery and the cutting and finishing of them; the cutting up of ring shoulders to specifications; the raising of grains in large articles of jewellery and wroughting out.<br>The adjusting of stones in larger mounts such as clips, the ranging of stones in clips; the setting of millegrain collets and keeping them round even if badly shaped stones are used; the setting of semi-fancy complete with centre stone; the setting of large stones in claw settings of rings; the completing of eternity rings or such similar articles of jewellery.<br>*Third year.*—Revision of all training up to this stage; adjusting of all shapes of stones; weighing diamonds and advanced cutting or engraving; setting of fancy shaped stones such as square diamonds, many-shaped or large oblong; small claw setting, e.g., four-claw collet; the setting of stones in signet rings by groove and mirror finish.<br>*Fourth year.*—Revision of all work taught earlier. Glass edge setting and bagette diamonds; gypsy setting; the setting and finishing of large diamond clips, paveys or millegrains; the cutting up of large fancy rings; calibre setting, sapphire or ruby eternity rings; General Revision. |

| Trade. | |
|---|---|
| Engraving..... | *First year.*—The drawing of lettering and ornamental designs in all styles; the pinning up of plates and articles on blocks in readiness for engraving; the scope of the trade and its inter-relationship to the other trades in the industry.<br>The cutting of straight and curved lines on a practice plate with a graver; further tuition in drawing of simple styles of lettering; the use of the different types of tools of the engraving trade.<br>*Second year.*—The cutting of cypher initials on small articles such as spoons, forks, etc., with the aid of a pattern or sample, the cutting with scorper of flat tool of block letters on a practice plate; the individual performance under supervision of an engraving project for production.<br>The whetting-up of tools and the theory and practice of tempering tools and their care and upkeep; the designing of block monograms; the drawing-on of inscriptions; the execution of all types of ornamental work; the engraving of two or three letter monograms and names on small articles under supervision; the cutting with scorper or flat tool of all straight lines of inscriptions; the use of all tools of the trade.<br>*Third year.*—Block lettering and cutting for enamelling; the various styles of inscription and in use for various articles; the more complicated styles of lettering, i.e., Old English, Roman, fancy script, shaded letters and fancy block letters and their engraving.<br>Drawing-on and engraving simple style inscriptions under supervision on silver plates, medals, small cups, etc. Independant engraving of names and monograms on small articles.<br>*Fourth year.*—General Revision. |
| Precious Metal working and Mounting (including Diamond Mounting but excluding Marcasite working). | *First year.*—The use of tools, filing geometrical shapes, the use of piercing saws, the making of simple collets and simple stone rings, the making of charniers; polishing and sandpapering.<br>*Second year.*—The making of simple fancies, the adjusting of stones, the making of rings with varying types of backs and shanks; the piercing of fancy lights; the making of catches, pin joints, non-pierced ear fittings and other accessories; modellings, the making of pendants.<br>*Third year.*—The making of various types of snaps, eternity rings, simple earclips, open azures and all types of dress and fancy rings.<br>*Fourth year.*—The making of all types of mounting including fully set brooches, clips, rings and ear-clips and the making of simple bracelets and the various ways of joining them; the alloying of precious metals and the making of solders.<br>*Fifth year.*—General revision. |

M. VILJOEN,
Deputy-Minister of Labour.

| Ambag. | |
|---|---|
| Set van diamante en juwele (uitgesonderd set van markasiet). | *Eerste jaar.*—Die name van holbeitels, die gebruik en onderhoud daarvan; hoe gereedskap gehou moet word by elementêre snywerk in metaal; die vervaardiging van bore (pêrelbore; graafbore, ens.); werk op sementstokke vassit; met graveernaald op metaal werk; ronde stene stewig in monture vassit.<br>Metaalstawe maak, stawe boor om stene te vat; stene regsit, korrelvoorkoms teweegbring en skoonmaak; die gebruik van die plat holbeitel.<br>*Tweede jaar.*—Die maak van korrelgereedskap; die regsit van klein steentjies in juwelierswerk en die slyp en afwerk daarvan; ringskouerstukke volgens spesifikasie uitsny; korrelvoorkoms in groot werke teweegbring en skoonmaak.<br>Stene in groter monture soos knippe regsit, stene in knippe rangskik; die set van „ millegrain "-ringkaste, en hulle rond hou selfs al word swakgevormde stene gebruik; die set van half-fantasiestene volledig met sentersteen; die set van groot stene in kloumonture van ringe; trouringe of derglike juweierstukke voltooi.<br>*Derde jaar.*—Hersiening van alle opleiding tot en met hierdie stadium; stene van alle vorms regsit; diamante weeg en gevorderde slyp- of graveerwerk; set van fantasievormstene soos vierkantige diamante, veelvormige of groot langwerpige stene; klein kloumonture, bv. vierklouringkaste; die set van stene in seëlringe deur middel van groef- en spieëlafwerking.<br>*Vierde jaar.*—Hersiening van alle werk tot dusver geleer. Glaskantset en bagette-diamante; sigeunersetwerk; die set en afwerk van groot diamantknippe, „ paveys " of „ millegrains "; die uitsny van groot fantasieringe; kalibersetwerk, saffier- of robyntrouringe; algemene hersiening. |
| Graveer..... | *Eerste jaar.*—Die teken van letters en dekoratiewe ontwerpe in alle style; plate en artikels op blokke met penne vir graveerdoeleindes vassit; die veld wat die bedryf dek en die verband wat dit met die ander bedrywe in die nywerheid hou.<br>Die sny van reguit en krom lyne op 'n oefenplaat met 'n graveernaald; verdere onderrig in die teken van eenvoudige lettertipes; die gebruik van die verskillende soorte gereedskap in die graveerbedryf.<br>*Tweede jaar.*—Die sny van syfervoorletters op klein voorwerpe soos lepels, vurke, ens., met behulp van 'n patroon of monster, die sny met holbeitel of plat gereedskap van blokletters op 'n oefenplaat; die individuele uitvoering, onder toesig, van 'n graveerprojek vir produksie.<br>Die skerpmaak van gereedskap en die teorie en praktyk van gereedskap hardmaak en sorg en onderhoud daarvan; blokmonogramme ontwerp; opskrifte afteken; die uitvoering van alle soorte dekoratiewe werk; die graveer, onder toesig, van monogramme met twee of drie letters en name op klein voorwerpe; die sny met holbeitel of plat gereedskap van alle reguit lyne van opskrifte; die gebruik van alle gereedskap van die bedryf.<br>*Derde jaar.*—Blokletters en sny vir enemmelwerk; die verskillende opskrifstyle en in gebruik vir verskillende voorwerpe; die ingewikkelder letterstyle, d.w.s. Ou-Engels, Romeins, fantasieletters, arsering en fantasieblokletters en die graveer daarvan.<br>Opskrifte van eenvoudige styl onder toesig op silwerplate, medaljes, klein bekers, ens., afteken en graveer. Eiehandige graveer van name en monogramme op klein voorwerpe.<br>*Vierde jaar.*—Algemene hersiening. |
| Bewerking van edelmetale en montering (met inbegrip van die set van diamante maar uitgesonderd die set van markasiet) | *Eerste jaar.*—Die gebruik van gereedskap, geometriese ontwerpe vyl, die gebruik van steeksae, die maak van eenvoudige ringkaste en eenvoudige steenringe, die maak van hingsels; poleer en skuur.<br>*Tweede jaar.*—Die maak van eenvoudige fantasiegoedere, die regsit van stene; die maak van ringe van verskillende tipes rug- en sykante; deursteek vir fantasie-openings; die maak van knippies, penskakels, en toebehore van nie-deurgesteekte oorkrabbetjies; modelleer, die maak van hangertjies.<br>*Derde jaar.*—Die maak van verskillende soorte snappers, trouringe, eenvoudige oorknippe, oop lasuursteen- en alle soorte aand- en fantasieringe.<br>*Vierde jaar.*—Die maak van alle soorte monteerwerk, met inbegrip van volledige gesette borsspelde, knippe, ringe en oorknippe, die maak van eenvoudige armbande en die verskillende maniere om hulle te voeg; legering van edelemetale en die maak van soldeermiddels.<br>*Vyfde jaar.*—Algemene hersiening. |

M. VILJOEN,
Adjunk-minister van Arbeid.

No. 1028.] [17 November 1961.

## APPRENTICESHIP ACT, 1944, AS AMENDED.

### APPRENTICESHIP COMMITTEE FOR THE JEWELLERS' AND GOLDSMITHS' INDUSTRY, CAPE TOWN.

### ENGAGEMENT AND TERMINATION OF SERVICES OF MINORS IN DESIGNATED TRADES.

On behalf of the Minister of Labour, I, MARAIS VILJOEN, Deputy-Minister of Labour, acting in pursuance of the provisions of section *nineteen* of the Apprenticeship Act, 1944, as amended, hereby apply with effect from the date of this notice in respect of all the trades designated by me for the Industry and the area for which the Apprenticeship Committee for the Jewellers' and Goldsmiths' Industry, Cape Town, was established by Government Notice No. 1717 of the 21st November, 1958, the provisions of sub-section (2) of section *nineteen* of the said Act, which reads as follows:—

"2. (*a*) After publication of the relevant notice under sub-section (1) no person shall take into his employment (otherwise than as an apprentice) in the trade and area to which the notice relates any minor other than a minor who has completed the period of apprenticeship prescribed under section *sixteen* in respect of that trade and area, without the written consent of the registrar.

(*b*) The registrar may grant or refuse his consent if after consultation with the Committee concerned he is of opinion that it would be in the interests of the minor to do so.

(*c*) If the employment of any minor (other than an apprentice) terminates for any reason, the employer shall notify the Committee concerned thereof in the prescribed form within seven days thereafter."

M. VILJOEN,
Deputy-Minister of Labour.

No. 1028.] [17 November 1961.

## WET OP VAKLEERLINGE, 1944, SOOS GEWYSIG.

### VAKLEERLINGKOMITEE VIR DIE JUWELIERS- EN GOUDSMIDNYWERHEID, KAAPSTAD.

### INDIENSNEMING EN BEËINDIGING VAN DIE DIENSTE VAN MINDERJARIGES IN AANGEWESE AMBAGTE.

Ek, MARAIS VILJOEN, Adjunk-minister van Arbeid, handelende namens die Minister van Arbeid en kragtens die bepalings van artikel *negentien* van die Wet op Vakleerlinge, 1944, soos gewysig, pas hierby met ingang van die datum van hierdie kennisgewing, ten opsigte van al die ambagte wat deur my aangewys is vir die nywerheid en gebied waarvoor die Vakleerlingkomitee vir die Juweliers- en Goudsmidnywerheid, Kaapstad, ingestel is by Goewermentskennisgewing No. 1717 van 21 November 1958, die bepalings toe van subartikel (2) van artikel *negentien* van genoemde Wet wat soos volg lui:—

„2. (*a*) Na die publikasie van die toepaslike kennisgewing ingevolge subartikel (1), mag niemand 'n minderjarige behalwe 'n minderjarige wat die leertyd kragtens artikel *sestien* voorgeskryf ten opsigte van die bedryf en gebied waarop die kennisgewing betrekking het, voltooi het, in daardie bedryf en gebied sonder die skriftelike toestemming van die registrateur anders as 'n leerling in sy diens neem nie.

(*b*) Die registrateur kan sy toestemming verleen of weier indien hy na raadpleging met die betrokke komitee van mening is dat dit in belang van die minderjarige sou wees sulks te doen.

(*c*) Indien die diens van 'n ander minderjarige dan 'n vakleerling om enige rede eindig, moet die werkgewer die betrokke komitee binne sewe dae daarna, in die voorgeskrewe vorm, daarvan in kennis stel."

M. VILJOEN,
Adjunk-minister van Arbeid.

No. 1029.] [17 November 1961.

## UNEMPLOYMENT INSURANCE ACT, 1946.

### MAGISTERIAL DISTRICT OF HUMANSDORP.

The Minister of Labour proposes to publish a notice in terms of sub-section (5) of section *two* of the Unemployment Insurance Act, 1946, declaring that, with effect from the 1st April, 1962—

(*a*) Government Notice No. 737 of 30th March, 1951, is amended by the deletion of the words "the Municipal Area of Hankey"; and

(*b*) Government Notice No. 2365 of 14th September, 1951, is amended by the deletion of the word "Humansdorp".

The purport of such proposed notice is that all persons falling within the definition of "contributor" in section *two* of the said Act and employed in the Magisterial District of Humansdorp, will from the 1st April, 1962, be regarded as contributors.

